

**DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N REKENINGKUNDIGE  
VERSLAGDOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN  
MEDIUM GROOTTE ENTITEITE**

deur

MARIO MORNÉ PIENAAR

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER IN REKENINGKUNDE  
(Finansiële Rekeningkunde)



Departement Rekeningkunde van die Fakulteit Ekonomiese en  
Bestuurswetenskappe

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Studieleier: PROF N WESSON

Desember 2002

## **VERKLARING**

Hiermee verklaar ek, Mario Morné Pienaar, dat hierdie werkstuk my eie oorspronklike werk is en dat alle bronne akkuraat vermeld en erken is en dat hierdie dokument nog nie vantevore in die geheel, of gedeeltelik, by enige ander universiteit ter verkryging van 'n akademiese kwalifikasie voorgelê is nie.

M M Pienaar

September 2002

## **DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE**

Finansiële state word jaarliks vir alle tipe ondernemingsvorme opgestel vir gebruik deur 'n wye verskeidenheid gebruikers wat elkeen spesifieke inligting benodig om bepaalde besluite te neem. Die oorgrote meerderheid gebruikers van groter en veral genoteerde publieke maatskappye, moet op grond van die finansiële inligting soos vervat in die finansiële state hul beleggingsbesluite neem aangesien hulle nie ander finansiële inligting kan bekom nie. Aan die ander kant beskik feitlik al die gebruikers van klein en medium grootte entiteite oor 'n wetlike en/of afgeleide reg om verdere finansiële inligting aan te vra wanneer dit benodig word om bepaalde besluite te neem.

Gebruikers van finansiële state word dus geklassifiseer op grond van die reg tot die verkryging van finansiële inligting. Om hierdie reg te beskerm by veral die gebruikers van finansiële state van groter maatskappye, is dit noodsaaklik dat finansiële state ooreenkomstig 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk opgestel word. Hierdie raamwerk behoort vereistes uiteen te sit aangaande die meting en erkenning van transaksies, asook die minimum inligting wat geopenbaar moet word aan die gebruikers.

Hierdie rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk is egter oor die jare baie aangepas om beleggers te beskerm. Klein en medium grootte entiteite is wetlik verplig om teen hoë koste ook daaraan te voldoen, ten spyte daarvan dat die gebruikers van hierdie entiteite nie die inligting gebruik nie. Ten einde klein entiteite (wat van groot waarde in 'n ekonomie is) van hierdie onnodige koste te spaar en steeds 'n riglyn daar te stel, is verskeie internasionale modelle geïmplementeer en is Suid-Afrika aangespoor om dieselfde pad te volg.



Om die Suid-Afrikaanse model werkbaar te maak, is twee komponente noodsaaklik. Eerstens moet die toelatingskriteria gegrond word op kwalitatiewe kriteria, soos die reg van gebruikers om verdere inligting te bekom. Entiteite moet aan hierdie kriteria voldoen alvorens die nuwe rekeningkundige standaarde vir klein en medium grootte entiteite toegepas mag word. Tweedens behoort vereenvoudigde en maklik verstaanbare finansiële state die gevolg van die toepassing van hierdie nuwe rekeningkundige standaarde se inhoud te wees. Dit is slegs moontlik indien die metings- en erkenningskriteria, asook die openbaarmakingsvereistes van die huidige rekeningkundige standaarde aangepas word om aan kleiner entiteite se behoeftes te voldoen.

Hierdie aanpassings, asook die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde word in die studie bespreek, waarna die skrywer tot die gevolgtrekking kom dat 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite 'n noodsaaklikheid vir die opkomende Suid-Afrikaanse ekonomie is.



## **THE NECESSITY OF A FINANCIAL REPORTING FRAMEWORK FOR SMALL AND MEDIUM-SIZED ENTITIES**

Financial statements are prepared annually for all types of businesses and for a wide variety of users that require specific information in order to make certain decisions. The majority of users of the financial statements of larger companies, especially listed public companies, use the information in financial statements to make investment decisions, since they are unable to obtain financial information in any other way. However, the users of the financial statements of small and medium-sized entities have a legal and/or inferential right to request further financial information to enable them to make certain decisions.

Thus, users of financial statements are classified according to their right to obtain financial information. To protect the right of the users of larger entities, it is necessary to compile financial statements in accordance with a financial reporting framework that includes certain requirements regarding the measurement and recognition of transactions, as well as the minimum information that needs to be disclosed to these users.

This financial reporting framework has been adapted over the years to protect investors. Small and medium-sized entities are legally compelled to comply with the same reporting framework at a high cost, even if such users had no need for all the information. To assist small entities (that are of great value to the economy) in saving these costs whilst still setting a standard, different international models were implemented that have encouraged South Africa to follow the same path.

To make a success of the South African model, two criteria should be met. Firstly, the qualification requirements for an entity should be based on qualitative criteria, such as the right of users to obtain further information, before such entities can comply with the accounting standards set for small and

medium-sized entities. Secondly, simpler and more understandable financial statements should be the result of the application of these new financial standards. This is only possible if the measurement and recognition criteria as well as the disclosure requirements of the current accounting standards are adjusted to meet the needs of smaller entities.

These adjustments, as well as the implementation of new accounting standards are discussed in this study, after which the writer reaches the conclusion that a financial reporting framework for small and medium-sized entities is necessary for the upcoming South African economy.

## **BEDANKINGS**

Ek wil my opregte dank betuig teenoor

- Ons Hemelse Vader vir die krag en wysheid om hierdie studie op 'n deeltydse basis suksesvol te kon voltooi
- My studieleier, prof N Wesson, vir haar leiding in hierdie studie



## INHOUDSOPGAWE

<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b>	<b>1</b>
1.1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	2
1.2. ONDERWERP VAN DIE STUDIE	3
1.3. MOTIVERING VIR DIE STUDIE	4
1.4. NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VIR DIE STUDIE	6
1.4.1. Internasionale modelle	7
1.4.2. Voorgestelde Suid-Afrikaanse model	8
1.4.3. Moontlike struikelblokke en die voorkoming daarvan	8
1.4.4. Die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoenings- raamwerk vir klein en medium grootte entiteite	8
1.4.5. Samevatting en gevolgtrekking	8
<b>HOOFSTUK 2: INTERNASIONALE MODELLE</b>	<b>9</b>
2.1. INLEIDING	11
2.2. EIENSKAPPE VAN DIE VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE	12
2.2.1. <i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)</i> – Verenigde Koninkryk	12
2.2.2. <i>Differential Reporting</i> - Kanada	13
2.3. INHOUD EN STRUKTUUR VAN INTERNASIONALE MODELLE	13
2.3.1. <i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)</i> - Verenigde Koninkryk	13
2.3.1.1. Inhoud	13
2.3.1.2. Struktuur	16
2.3.2. <i>Differential Reporting</i> - Kanada	17
2.3.2.1. Inhoud	17
2.3.2.2. Struktuur	18

2.4.	OUDIT-IMPLIKASIES INGEBOU IN INTERNASIONALE MODELLE	18
2.5.	VOOR- EN NADELE VAN VERSKILLENDE INTER- NASIONALE MODELLE	20
2.5.1.	<i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)</i> - Verenigde Koninkryk	20
2.5.1.1.	Voordele	20
2.5.1.2.	Nadele	22
2.5.2.	<i>Differential Reporting</i> - Kanada	24
2.5.2.1.	Voordele	24
2.5.2.2.	Nadele	24
2.6.	EFFEKTIWITEIT VAN VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE	25
2.6.1.	<i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)</i> - Verenigde Koninkryk	25
2.6.1.1.	Gehalte van die <i>FRSSE</i>	25
2.6.1.2.	Gebruik van die <i>FRSSE</i>	25
2.6.2.	<i>Differential Reporting</i> - Kanada	28
2.7.	GEVOLGTREKKING	28
	 <b>HOOFSTUK 3: VOORGESTELDE SUID-AFRIKAANSE MODEL</b>	 <b>30</b>
3.1.	INLEIDING	31
3.2.	GEBRUIKERS VAN DIE FINANSIËLE STATE EN HUL REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSBEHOEFTE	31
3.3.	NOODSAAKLIKE VEREISTES EN KENMERKE VAN 'N SUID- AFRIKAANSE MODEL	33



3.4.	INHOUD VAN 'N SUID-AFRIKAANSE MODEL	35
3.4.1.	Kwalifiserende kriteria	35
3.4.1.1.	Faktore om in ag te neem by die bepaling van die kriteria	35
3.4.1.2.	Sekondêre kriteria	37
3.4.1.2.1.	Kwantitatief	38
3.4.1.2.2.	Kwalitatief	40
3.4.1.3.	Voorgestelde kriteria	42
3.4.2.	'n Toepaslike Rekeningkundige Standaard	42
3.4.2.1.	Algemeen	42
3.4.2.2.	Voorgestelde opsies vir die inhoud van hierdie standaard	44
3.4.2.3.	Voorgestelde Inhoud	47
3.5.	NOODSAAKLIKE WYSIGINGS AAN REEDS BESTAANDE WETGEWING EN STANDPUNTE	49
3.6.	ODUIT-IMPLIKASIES VIR KLEINER ENTITEITE EN DIE WAARDE DAARVAN	51
3.7.	INPASBAARHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING	51
3.8.	GEVOLGTREKKING	52
	<b>HOOFSTUK 4: MOONTLIKE STRUIKELBLOKKE EN DIE VOORKOMING DAARVAN</b>	<b>54</b>
4.1.	INLEIDING	55
4.2.	INTERNASIONALE STRUIKELBLOKKE EN HOE OM DIT TE OORKOM	55
4.3.	SPESIFIEKE STRUIKELBLOKKE IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING	62
4.4.	VOORKOMINGSMAATREËLS VAN VOORSIENE STRUIKELBLOKKE	63
4.5.	GEVOLGTREKKING	64



	<b>HOOFSTUK 5: DIE IMPLEMENTERING VAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE</b>	<b>65</b>
5.1.	INLEIDING	66
5.2.	DIE EFFEK VAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE OP DIE REKENMEESTERSPROFESSIE	66
5.2.1.	Voortgesette opleiding en die aanvaarbaarheid van 'n nuwe stel standarde	66
5.2.2.	Tradisionele rekenmeestersrol teenoor die nuwe waarde-toevoegingsrol van ouditeure	67
5.2.3.	Die gevare van 'n verlaging in professionele standarde met die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite	68
5.3.	KOSTE VAN IMPLEMENTERING VAN EN VOLDOENING AAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSRAAMWERK TENOOR DIE VOORDEEL DAARVAN VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE	69
5.4.	DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N TWEEDE STEL REKENINGKUNDIGE STANDAARDE IN SUID-AFRIKA	72
5.5.	DIE MOONTLIKHEID VAN 'N SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN 'N TWEEDE STEL REKENINGKUNDIGE STANDAARDE IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING	72
5.6.	GEVOLGTREKKING	73

	<b>HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKking</b>	<b>75</b>
6.1.	ALGEHELE GEVOLGTREKking	76
6.1.1.	Agtergrond van die studie	76
6.1.2.	Gevolgtrekking van die studie	77
6.2.	AANBEVOLE VELDE VIR VERDERE STUDIE	82
	<b>BYLAES</b>	<b>83</b>
	<b>BRONNELYS</b>	<b>105</b>

## LYS VAN BYLAES

<b>1.</b>	<b>KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE KRITERIA</b>	<b>84</b>
<b>2.</b>	<b>VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE MAATSKAPPYWET (WET 61 VAN 1973)</b>	<b>86</b>
	<i>Section 286</i>	86
	<i>Section 288</i>	87
	<i>Section 300</i>	87
<b>3.</b>	<b>VRAELYS VIR EMPIRIESE STUDIE</b>	<b>88</b>
	DEEL A: Algemeen	89
	DEEL B: Spesifiek	90
	DEEL C: Statutêre Ouditverpligting op Maatskappye	94
	DEEL D: Openbare Rekenmeesters en Ouditeure	96
	DEEL E: Finansiële Instellings	99
	DEEL F: Aandeelhouers/Direkteure/Lede/Bestuurders/Eienaars	100
	DEEL G: Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens	102
	DEEL H: Verdere Opmerkings en/of Kommentaar	104



## LYS VAN AFKORTINGS

AARP	–	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
aarp	–	algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk
ASB	–	<i>Accounting Standards Board</i>
FRSSE	–	<i>Financial Reporting Standard for Smaller Entities</i>
ICAEW	–	Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters in Engeland en Wallis
ICAS	–	Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters in Skotland
RE	–	Rekeningkundige standpunt
SAIGR	–	Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters
VK	–	Verenigde Koninkryk

## ***HOOFSTUK 1***

### **INLEIDING**

<b>1.1.</b>	<b>AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING</b>	<b>2</b>
<b>1.2.</b>	<b>ONDERWERP VAN DIE STUDIE</b>	<b>3</b>
<b>1.3.</b>	<b>MOTIVERING VIR DIE STUDIE</b>	<b>4</b>
<b>1.4.</b>	<b>NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VIR DIE STUDIE</b>	<b>6</b>
1.4.1.	Internasionale modelle	7
1.4.2.	Voorgestelde Suid-Afrikaanse model	8
1.4.3.	Moontlike struikelblokke en die voorkoming daarvan	8
1.4.4.	Die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoenings- raamwerk vir klein en medium grootte entiteite	8
1.4.5.	Samevatting en gevolgtrekking	8

## **1.1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING**

Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Standaard word opgestel deur die Rekeningkundige Praktykeraad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) en staan bekend as AARP. Dit dien as verslagdoeningsraamwerk by die opstel van finansiële state in Suid-Afrika. AARP bestaan tans uit 35 rekeningkundige standaarde (ook standpunte genoem), 1 riglyn, 2 menings, 31 rekeningkundige interpretasies en 10 geopenbaarde konsepte (Butterworths online – 31 Augustus 2002). Opgesluit hierin is meer as 500 verskillende openbaarmakingsvereistes, waarvan ongeveer 250 in die gespesialiseerde standpunte (RE 104, 109, 115, 119, 120, 121, 124, 127, 131) voorkom (Hattingh, 2000: 23).

Die standpunt wat handel oor die rekeningkundige raamwerk (RE 000) is die basis by die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde en gee 'n uiteensetting van die onderliggende grondbeginsels waaraan die finansiële state behoort te voldoen, ten einde die gebruikers daarvan van die nodige inligting rakende die finansiële stand, prestasie en verandering in die finansiële stand te voorsien, wat nuttig is vir ekonomiese besluitneming (RE 000.12). Die rekeningkundige raamwerk (RE 000) is slegs van toepassing op verslagdoende entiteite, wat gedefinieer word as ondernemings waar daar gebruikers is wat die finansiële state as hoofbron van finansiële inligting rakende die entiteit gebruik (RE 000.06).

Die standpunt wat handel oor die aanbieding van finansiële state (RE 101) bepaal dat alle aldoellige finansiële state aan al die vereistes van AARP moet voldoen (RE 101.02). Aldoellige finansiële state is daardie finansiële state waarvan die hoofdoel is om aan gebruikers, wat nie in die posisie is om aanspraak te maak op ander finansiële verslae nie, se behoeftes te voldoen. Dit behels finansiële inligting wat apart, in byvoorbeeld jaarlikse finansiële state, of in ander publieke dokumente soos prospektusse, bekend gemaak word (RE 101.03).



Onsekerheid bestaan tans oor die interpretasie van RE 101.02. Die vraag ontstaan dus of die Standaard van AARP ook van toepassing is op beperkte-doel finansiële state. Beperkte-doel finansiële state is finansiële state wat opgestel word slegs vir die gebruik van spesifieke gebruikers, soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), finansiële instellings en die eienaars van entiteite wat dit ook bestuur en beheer (Ross, 2002: Persoonlike onderhoud).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat alle verslagdoenende entiteite aldoellige finansiële state moet opstel. Voldoening veroorsaak dikwels ontevredenheid weens die koste-implikasie, terwyl verwarring by die opstellers van finansiële state en ouditeure rakende die hantering van spesifieke moeilike en omvattende AARP aangeleenthede die situasie vererger.

## **1.2. ONDERWERP VAN DIE STUDIE**

Die doelwit van hierdie studie is drieledig. In die eerste plek moet bepaal word of dit wel nodig is dat alle verslagdoenende entiteite verplig moet word om aldoellige finansiële state op te stel wat aan AARP voldoen. Hierdie doel sal bereik word deur 'n kritiese ontleding te doen oor wie die gebruikers van finansiële state is en watter inligting deur hierdie gebruikers verlang word.

Tweedens is die doel van die studie om 'n werkbare oplossing binne die Suid-Afrikaanse omgewing te vind. Dit sal vermag word deur 'n literatuurstudie van reeds geïmplementeerde internasionale modelle soos die *Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)*, asook 'n kombinasie tussen 'n literatuur en empiriese studie op die Suid-Afrikaanse behoeftes en omgewing.

Derdens sal die studie tot 'n mindere mate kyk na die statutêre auditverpligting wat op kleiner maatskappye gelê word. Dit sal bespreek word aan die hand van die *FRSSE* asook die resultate van die empiriese studie wat uitgevoer sal word.



### 1.3. MOTIVERING VIR DIE STUDIE

In terme van Artikel 286(3) van die Maatskappywet “moet die finansiële jaarstate van ’n maatskappy ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (aarp) die toestand van die sake van die maatskappy en sy besigheid aan die einde van die betrokke boekjaar en die wins of verlies vir daardie boekjaar redelik weergee en moet vir daardie doel in ooreenstemming wees met, en ten minste insluit, die aangeleenthede voorgeskryf deur Bylae 4, vir sover dit toepaslik is en aan enige ander vereistes van hierdie Wet voldoen” (Wet 61 van 1973).

’n Regsopinie was gedurende 1977, asook weer in 1987, ingewin deur die Rekeningkundige Praktykeraad van die SAIGR aangaande die bedoeling van aarp soos ingesluit in die Maatskappywet (Wet 61 van 1973). Dit dui daarop dat, indien ’n maatskappy aan al die vereistes van AARP voldoen soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad, die maatskappy aan die vereistes soos neergelê in die Maatskappywet voldoen. Nie-voldoening mag ’n oortreding van die Maatskappywet wees, maar dit is nie noodwendig so nie (*SAICA*, 1999c: 2).

Na aanleiding van die regsmening bestaan daar tans twee rekeningkundige verslagdoeningsraamwerke in Suid-Afrika, nl.:

- a) Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) wat bestaan uit die gekodifiseerde standaard en praktyke soos deur die Rekeningkundige Praktykeraad uitgereik; en
- b) algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (aarp) wat bestaan uit daardie rekeningkundige praktyke wat ongekodifiseerd is, maar gesien kan word as algemeen aanvaar, na aanleiding van die hoeveelheid entiteite wat daaraan voldoen. Hierdie standaard kan gesien word as die minimum vereistes van artikel 286(3) van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), gegewe dat die finansiële state ’n redelike aanbieding is (*SAICA*, 1999c: 2).



Bylae 4, paragraaf 5 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) bepaal verder dat:

“Indien dit vir die direkteure van ’n maatskappy voorkom dat daar redes is om in die opstel van die maatskappy se finansiële state ten opsigte van enige rekeningkundige tydperk af te wyk van enige van die rekeningkundige begrippe soos uiteengesit in die Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk goedgekeur deur die Rekeningkundige Praktykeraad, waar sulke standpunte bestaan, mag hulle dit doen, maar besonderhede van die afwyking, die uitwerking daarvan en die redes daarvoor moet vermeld word.”

’n Verdere regsopinie is gedurende September 1999 deur die SAIGR ingewin vanaf WH Trengrove SC en T Plewman aangaande die interpretasie van Bylae 4, paragraaf 5 van die Maatskappywet. Hulle gevolgtrekking was as volg:

“Volgens die getuienis tot ons beskikking, vereis paragraaf 5 van Bylae 4 openbaarmaking wanneer ookal die finansiële state van ’n maatskappy afwyk van enige van die Standpunte van die Rekeningkundige Praktykeraad.”

Na aanleiding van laasgenoemde regsmening het die SAIGR omsendbrief 8/99 gepubliseer wat daarop wys dat, indien ’n maatskappy nie aan die Standaard van AARP, of aan paragraaf 5 van die Vierde Bylae voldoen nie, die ouditeur sy auditverslag moet kwalifiseer (*SAICA*, 1999b: 2). Omsendbrief 5/2000 het verder gegaan om ouditeure te waarsku dat, indien hulle omsendbrief 8/99 ignoreer, hulle gedissiplineer kan word deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad en/of die SAIGR (*SAICA*, 2000b: 1).

Alhoewel ’n aantal besprekingsdokumente in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan, is daar nog geen formele studies in die veld gedoen nie. Internasionale modelle bestaan wel in die Verenigde Koninkryk asook in lande soos Australië, Nieu-Seeland, Kanada en Malawi wat besig is met die implementeringsfase daarvan. Die *FRSSE* en in ’n mindere mate die Kanadese model sal ontleed word



om te bepaal of dit op die Suid-Afrikaanse omgewing van toepassing gemaak kan word en tot watter mate dit aangepas behoort te word ten einde die struikelblokke daarvan te oorkom.

#### **1.4. NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VIR DIE STUDIE**

Die studie kan as 'n voorbeeld van toegepaste navorsing gesien word. Toegepaste navorsing is 'n skeppende en stelselmatige ondersoek wat verrig word om wetenskaplike en tegnologiese kennis te vermeerder met die primêre oogmerk om spesifieke praktiese toepassings daarvoor te ontwerp (Leedy, 1989).

Die studie behels hoofsaaklik 'n literatuurstudie asook 'n empiriese studie wat gebruik sal word om bepaalde definisies, gebruikers en omstandighede in die Suid-Afrikaanse konteks te formuleer. Die geldigheid van die studie kan beïnvloed word, aangesien gepubliseerde artikels in Suid-Afrika slegs die verskillende menings van persone hoofsaaklik ten gunste van 'n tweede rekeningkundige raamwerk bevat. Dit sal sover moontlik oorkom word deur die uitvoer van die empiriese studie, asook beskikbare bronne aangaande ander soortgelyke reeds geïmplementeerde modelle soos die *FRSSE*, te raadpleeg. Alhoewel die basiese beginsels steeds dieselfde bly, is dit belangrik om in ag te neem dat hierdie modelle in lande met 'n ander omgewing en spesifieke wetgewing funksioneer.

Met die uitvoer van die empiriese studie sal die klem hoofsaaklik op die volgende partye geplaas word:

- Finansiële instellings; en
- Tegniese afdelings van groot, medium en klein ouditeursfirmas.

Partye wie se insette deur middel van hul publikasies in vak- en ander tydskrifte gebruik sal word, is onder andere:

- Belangstellende individuele kenners wat reeds baie navorsing oor die onderwerp gedoen het, soos byvoorbeeld C.P. Hattingh en H. Heymans; en
- Die SAIGR (Verteenwoordig deur R. Ross, Direkteur van die Kleinsake Departement van die SAIGR).

Laastens sal sekere aandeelhouers, direkteure, eienaars en lede van ondernemings ook geraadpleeg word. Dit sal slegs as riglyn gebruik word aangesien die seleksie van die steekproef nie statisties getrek sal word nie en daar slegs op partye in die nabye omgewing gefokus word.

Die resultate soos verkry uit die vraelyste sal ontleed word om die noodsaaklikheid vir 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir kleiner entiteite te bepaal op grond van opstellers en gebruikers se behoeftes.

Die raamwerk hieronder uiteengesit gee 'n gestruktureerde indeling, volgens hoofstukke, van die onderwerp van die studie soos onder punt 1.2 hierbo uiteengesit.

#### **1.4.1. Internasionale modelle**

In Hoofstuk 2 word die verskillende internasionale modelle bespreek. 'n Begrip van die basiese beginsels is nodig om tydens die ontleding en formulering van 'n gepaste Suid-Afrikaanse model, die beste moontlike en mees werkbare model voor te stel. Die verskillende eienskappe, inhoud en struktuur van hoofsaaklik die *FRSSE* word hier uiteengesit, terwyl klem ook geplaas word op die voor- en nadele van 'n verslagdoeningsraamwerk vir kleiner entiteite, gesien in die konteks van die betrokke land. Hierdie hoofstuk dien as agtergrond, maar ook as basis vir die daaropvolgende hoofstukke.



#### **1.4.2. Voorgestelde Suid-Afrikaanse model**

In Hoofstuk 3 word 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse model bespreek deur spesifiek te kyk na die gebruikers van finansiële state en hulle behoeftes. Die inhoud, struktuur en vernaamste kenmerke van sodanige model, asook noodsaaklike wysigings wat aan bestaande wetgewing aangebring moet word, sal in meer diepte ondersoek word. Die hoofstuk sal ook in breë trekke omsien na die waarde en noodsaaklikheid van die statutêre auditverpligting wat tans op alle maatskappye geplaas word. Laastens sal oorweeg word of 'n tweede rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk in die Suid-Afrikaanse omgewing sal inpas en of dit wel moontlik is om dit te implementeer.

#### **1.4.3. Moontlike struikelblokke en die voorkoming daarvan**

In Hoofstuk 4 word die huidige struikelblokke van reeds geïmplementeerde modelle soos byvoorbeeld die *FRSSE*, ondersoek en geprojekteer op die voorgestelde Suid-Afrikaanse model soos in Hoofstuk 3 bespreek. Die hoofstuk verwys ook na moontlike unieke struikelblokke wat die Suid-Afrikaanse model mag teëkom en kom tot gevolgtrekking oor moontlike maatreëls wat getref kan word om hierdie struikelblokke te vermy, of die effek daarvan te verminder.

#### **1.4.4. Die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite**

In Hoofstuk 5 word die verskillende aspekte van die studie beoordeel deur die effek van 'n tweede rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk op die professie en die gepaardgaande koste toeskryfbaar aan die implementering daarvan te ontleed. Die hoofstuk handel laastens met die noodsaaklikheid van sodanige verslagdoeningsraamwerk en die moontlikheid om dit suksesvol te implementeer.

#### **1.4.5. Samevatting en gevolgtrekking**

In Hoofstuk 6 word die samevatting van die studie asook die gevolgtrekking waartoe die skrywer ten opsigte van die probleemstelling gekom het, gegee.



## **HOOFSTUK 2**

### **INTERNASIONALE MODELLE**

<b>2.1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>11</b>
<b>2.2.</b>	<b>EIENSKAPPE VAN DIE VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE</b>	<b>12</b>
2.2.1.	<i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE) – Verenigde Koninkryk</i>	12
2.2.2.	<i>Differential Reporting - Kanada</i>	13
<b>2.3.</b>	<b>INHOUD EN STRUKTUUR VAN INTERNASIONALE MODELLE</b>	<b>13</b>
2.3.1.	<i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE) – Verenigde Koninkryk</i>	13
2.3.1.1.	Inhoud	13
2.3.1.2.	Struktuur	16
2.3.2.	<i>Differential Reporting - Kanada</i>	17
2.3.2.1.	Inhoud	17
2.3.2.2.	Struktuur	18
<b>2.4.</b>	<b>ODUIT-IMPLIKASIES INGEBOU IN INTERNASIONALE MODELLE</b>	<b>18</b>
<b>2.5.</b>	<b>VOOR- EN NADELE VAN VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE</b>	<b>20</b>
2.5.1.	<i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE) – Verenigde Koninkryk</i>	20
2.5.1.1.	Voordele	20
2.5.1.2.	Nadele	22
2.5.2.	<i>Differential Reporting - Kanada</i>	24
2.5.2.1.	Voordele	24

2.5.2.2.	Nadele	24
<b>2.6.</b>	<b>EFFEKTIWITEIT VAN VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE</b>	<b>25</b>
2.6.1.	<i>Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)</i> – Verenigde Koninkryk	25
2.6.1.1.	Gehalte van die <i>FRSSE</i>	25
2.6.1.2.	Gebruik van die <i>FRSSE</i>	25
2.6.2.	<i>Differential Reporting</i> - Kanada	28
<b>2.7.</b>	<b>GEVOLGTREKKING</b>	<b>28</b>



## 2.1. INLEIDING

Die noodsaaklikheid van rekeningkundige standpunte is reeds meer as 50 jaar gelede deur die Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters in Engeland en Wallis (*ICAEW*) geïdentifiseer. Dit het daartoe gelei dat dié Instituut kort na die Tweede Wêreldoorlog aanbevelings begin maak het oor rekeningkundige beginsels, wat op daardie stadium slegs as 'n riglyn beskou was en dus nie afdwingbaar was nie. Alhoewel dit geredelik toegepas is, het die Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters in Skotland (*ICAS*) van die beginsel uitgegaan dat hulle lede, vanweë hulle opleiding, oor die vermoë beskik om besluite van die hoogste professionele gehalte te neem (Sharp, 1998: 74). Meer waarde is dus geheg aan die rekenmeester se persoonlike vermoëns en geloofwaardigheid in 'n professionele hoedanigheid.

Teen die 1970's was hierdie rekeningkundige werkswyse iets van die verlede omdat rekeningkundige beginsels ter wille van eenvormigheid gestandaardiseer moes word (Sharp, 1998: 74). Die noodsaaklikheid van bepaalde standaarde om basiese beginsels neer te lê het sodanig verhoog dat die eens basiese riglyne saamgevat moes word in standpunte waaraan voldoen moes word. Dit het daartoe bygedra dat rekeningkundige beginsels soos vergelykbaarheid, 'n realiteit geword het en daar vertrou kon word dat die finansiële state 'n waar en redelike weergawe van die onderneming se finansiële stand en prestasie weerspieël.

Hierdie rekeningkundige standpunte word gedurig aangepas om by die veranderende omstandighede in te pas. Dit het daartoe gelei dat die basiese beginsels vervat in die verskillende standpunte uitgebrei is, deur meer komplekse en omvattende vereistes in te sluit. Hierdie wysigings is nodig om te verseker dat alle finansiële state steeds waar en redelik is, maar ook voldoen aan die behoeftes van gebruikers wat nie oor ander finansiële inligting as die finansiële state beskik nie.



Die gevolg van hierdie meer komplekse en omvattende vereistes waaraan standpunte moes voldoen, was dat die behoeftes van klein ondernemings vir eenvoudige, maklik verstaanbare finansiële inligting buite rekening gelaat word met die opstel van die finansiële state. Hierdie finansiële state wat opgestel word in ooreenstemming met al die verskillende standpunte, is ingewikkeld en van geen waarde vir 'n groep gebruikers wat steeds sukkel om die waardeverminderingbegrip te verstaan (Murphy & Page, 1998: 64).

Om in hierdie behoefte van kleiner entiteite aan eenvoudiger finansiële state te voldoen is modelle soos die *Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)* van die Verenigde Koninkryk (VK) ontwikkel en geïmplementeer. Hierdie modelle kan gebruik word om die finansiële posisie en prestasie van klein en medium grootte entiteite te bepaal, asook om bestuur te evalueer (Jackson, 1997: 75).

## **2.2. EIENSKAPPE VAN DIE VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE**

### **2.2.1. *Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)* – Verenigde Koninkryk**

Die *FRSSE*, soos geïmplementeer in die VK in November 1997, is uniek in twee opsigte. Eerstens is dit die enigste rekeningkundige standaard wat spesifiek gefokus is op klein ondernemings en tweedens is dit die eerste rekeningkundige standpunt in die VK wat slegs aanbeveel en dit nie afdwing nie, dat 'n klein maatskappy 'n kontantvloeiastaat opstel (King, 1997: 70).

Om as 'n klein entiteit geklassifiseer te word, behoort sodanige entiteit vir ten minste twee uit elke drie agtereenvolgende jare aan ten minste twee van die volgende vereistes voldoen:

- a) 'n Omset van kleiner as £ 2,8 miljoen per jaar toon;
- b) Balansstaat totaal, byvoorbeeld totale bates, met minder as £ 1,4 miljoen toon; en



- c) Die gemiddelde aantal werknemers gedurende die jaar nie 50 oorskry nie (ASB, 2001b: <http://www.asb.org.uk/publications/publication338.html>).

### **2.2.2. *Differential Reporting* - Kanada**

In teenstelling met die VK, kan *Differential Reporting*, soos dit algemeen bekend staan, slegs deur wins-geïntereerde entiteite sonder 'n publieke belang toegepas word. Hierdie kwalifiserende entiteite moet egter die skriftelike toestemming van al die aandeelhouders, insluitend dié wat nie andersins stemreg het nie, voor die finansiële jaareinde verkry (D'Andrea, 2002: <http://www.cica.ca/cica/cicawebsite.nsf/public/sgacsmabus>).

Die Kanadese *Differential Reporting* stel standarde daar vir klein entiteite wat gegrond is op 'n koste-voordeel grondslag. Dit behels dat klein entiteite nie net vrygestel word van bepaalde openbaarmaking soos in die VK nie, maar dat daar ook toepaslike metings- en erkenningskriteria vir hierdie entiteite ontwikkel is. Hierdie meer doelgerigte benadering is moontlik, aangesien die klem verskuif is van die grootte van die entiteit na die bestuur daarvan en wie die gebruikers van die finansiële state is (Mersereau, 2001: <http://www.cica.ca/cica/cicawebsite.nsf/public/sgacsmabus>).

## **2.3. INHOUD EN STRUKTUUR VAN INTERNASIONALE MODELLE**

### **2.3.1. *Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)* - Verenigde Koninkryk**

#### **2.3.1.1. Inhoud**

Die standaard soos geïmplementeer in die VK, is 'n enkele standaard wat al die verskillende metings- en erkenningskriteria bevat. Dit sluit ook die minimum openbaarmakingsvereistes waaraan voldoen moet word, in.

Hierdie studie fokus nie op die tegniese detail van al die verskillende standpunte en hoe die *FRSSE* daarmee verskil nie. Die belangrikste veranderinge wat aan

die VK rekeningkundige standaard aangebring is, word kortliks uitgelig om 'n begrip te kry van die insluitings in die *FRSSE*.

- a) Die standpunt moedig opstellers van finansiële state aan, maar verplig hulle nie, om kontantvloeï inligting in die finansiële state in te sluit (McAleese, 2001: 19). Die *ICAEW* moedig klein entiteite wel aan om 'n kontantvloeïstaat op te stel aangesien dit gaan oor grootte en nie eienaarskap nie (*Accountancy: International Edition*, 1996: 96).
  
- b) Ongeveer 50 openbaarmakingsvereistes uit verskillende rekeningkundige standpunte is nie ingesluit in die *FRSSE* nie (Sharp, 1998: 74). Dit sluit onder andere die volgende in:
  - i) Die weglating van baie detail openbaarmaking ingevolge *Financial Reporting Standard 16: Current Tax*. Die *FRSSE* vereis slegs die openbaarmaking van die wesenlike komponente van die belasting aanspreeklikheid (*ASB*, 2001b: <http://www.asb.org.uk/publications/publication338.html>).
  - ii) Die *FRSSE* sluit *Financial Reporting Standard 13 (Financial Instruments)* en *14 (Earnings per Share)* as geheel uit, terwyl groot dele van *Financial Reporting Standard 12 (Provisions and Contingencies)* en *15 (Tangible Fixed Assets)* uitgesluit word (*Accountancy*, 1999: 7).
  - iii) Verwante partye inligting moet slegs geopenbaar word indien dit wesenlik is vir die verslagdoenende entiteit (King, 1997: 70).
  
- c) Vereenvoudiging van die metings- en erkenningskriteria, sluit onder andere die volgende in:
  - i) Koste aangegaan gedurende die sluiting van 'n transaksie om kapitaal-instrumente te bekom, kan teen die inkomstestaat afgeskryf word eerder as om die las te verminder.



- ii) Bruikhure kan getoon word teen billike waarde van die bruikhuurbate eerder as teen die huidige waarde van die minimum toekomstige huur paaieente (McAleese, 2001: 19).
- iii) Ontasbare bates se lewensduur word op 'n maksimum van 20 jaar vasgestel. Dit het tot die gevolg dat dit nie nodig is om die ontasbare bate jaarliks te toets vir 'n moontlike waardedaling nie (King, 1999: 84).
- iv) Die waarde in gebruik, wat as een van die kriteria beskou word om te bepaal of vaste bates 'n waardedaling getoon het al dan nie, kan op 'n meer vereenvoudigde vorm bereken word soos toepaslik geag word. Dit is noodsaaklik, aangesien gedetailleerde geprojekteerde kontantvloeie selde vir klein entiteite beskikbaar is (King, 1999: 84).

Om verwarring te voorkom by die gebruikers van die finansiële state, wat opgestel is op grond van die beginsels vervat in die *FRSSE*, moet die verslagdoenende entiteit die volgende twee feite op die balansstaat openbaar. Eerstens dat die finansiële state ooreenkomstig die spesiale voorwaardes wat van toepassing is op klein maatskappye ingevolge afdeling VII van die VK Maatskappywet (1985) opgestel is. Tweedens dat die finansiële state ooreenkomstig die bepaling van die *FRSSE* opgestel is (ACCA, 1998: [http://www.acca.org.uk/resources/publications/functional\\_society\\_newsletters/in\\_practice/uk/ip39\\_p6.html](http://www.acca.org.uk/resources/publications/functional_society_newsletters/in_practice/uk/ip39_p6.html)).

Die ouditverslag van klein entiteite, wat nie vrygestel is van die statutêre ouditverpligting nie, moet die feit openbaar deur die volgende in te sluit: “*We have audited the financial statements on pages \_ to \_ which have been prepared in accordance with the Financial Reporting Standard for Smaller Entities, ...*” (ACCA, 1998: [http://www.acca.org.uk/resources/publications/functional\\_society\\_newsletters/in\\_practice/uk/ip40\\_p7.html](http://www.acca.org.uk/resources/publications/functional_society_newsletters/in_practice/uk/ip40_p7.html)).



### 2.3.1.2. Struktuur

Die *FRSSE* is 'n vereenvoudigde vorm van die rekeningkundige standpunte, riglyne en ander relevante wetsvereistes waaraan klein entiteite moet voldoen. Met enkele uitsonderings is alle metings- en erkenningskriteria soortgelyk aan dié van ander rekeningkundige standpunte, terwyl die openbaarmakingsvereistes wat nie van toepassing is op kleiner entiteite nie, uitgesluit is in dié standpunt. Hierdie standaard vorm dus 'n verkleinde weergawe van al die ander rekeningkundige standpunte wat spesifiek fokus op die vereistes van klein entiteite.

Om van die standaard 'n werkbare oplossing vir kleiner entiteite te maak, moet dit aan die volgende vereistes voldoen: dit moet 'n alleenstaande standaard wees; dit moet alle klein entiteite insluit (en nie net sommige wat onder die agtste bylae van die VK Maatskappywet (1985) vrygestel word nie); en dit moet ook van toepassing wees op kleiner gekonsolideerde groepe (*Accountancy: International Edition*, 1996: 96). Die *FRSSE* voldoen gedeeltelik daaraan deurdat dit eerstens al die vereistes van die verskillende rekeningkundige standaarde in 'n enkele standaard konsolideer. Tweedens word kleiner gekonsolideerde groepe wat nie twee van die volgende drie kriteria oorskry nie, toegelaat om die *FRSSE* as basis vir finansiële state te gebruik indien:

- a) Die groep se netto gekonsolideerde omset nie meer is as £ 2,8 miljoen (of £ 3,36 miljoen bruto) nie;
- b) Die groep se netto gekonsolideerde balansstaat totaal nie meer is as £ 1,4 miljoen (of £ 1,68 miljoen bruto) nie; en
- c) Die groep se gesamentlike gemiddelde werknemers nie meer is as 50 nie (*ACCA*, 2001: <http://www.acca.org.uk/members/faq/faqs.html>).

In uitsonderlike gevalle waar klein entiteite gekonfronteer word met meer komplekse aangeleenthede wat nie in hierdie enkele standaard vervat word nie, kan hulle ander rekeningkundige standpunte gebruik om 'n oplossing te vind.



Die voldoening en verklaring van die feit dat aan die *FRSSE* voldoen word, het tot die gevolg dat, alhoewel hierdie entiteite ander standarde gebruik, hulle nie verplig is om aan al die vereistes van daardie standarde te voldoen nie. Daar behoort slegs voldoen te word aan die deel wat nodig is om 'n waar en redelike weergawe van die finansiële state daar te stel (King, 1997: 70).

## **2.3.2. Differential Reporting - Kanada**

### **2.3.2.1. Inhoud**

Die inhoud van hierdie rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir kleiner entiteite bestaan hoofsaaklik uit 'n aantal wysigings van die Kanadese rekeningkundige standarde en kan as volg uiteengesit word (Mersereau, 2001: <http://www.cica.ca/cica/cicawebiste.nsf/public/sgacsmabus>):

- a) Afdeling 1590 (*Subsidiaries*): Filiale kan verantwoord word op óf die ekwiteitsbenadering óf die kostebenadering.
- b) Afdeling 3050 (*Long-term Investments*): Langtermynbeleggings kan nou verantwoord word op 'n koste grondslag.
- c) Afdeling 3055 (*Interest in Joint Ventures*): Gesamentlike ondernemings kan verantwoord word op óf die ekwiteitsbenadering óf die kostebenadering.
- d) Afdeling 3240 (*Share Capital*): Beperkte openbaarmaking van die klasse aandele wat uitgereik is.
- e) Afdeling 3465 (*Income Taxes*): Kwalifiserende entiteite kan 'n spesiale metode van belasting betaalbaar gebruik en moet nuwe verminderde openbaarmaking toepas.
- f) Afdeling 3860 (*Financial Instruments – Disclosure and Presentation*): Die vernaamste veranderinge is dat omskepbare voorkeuraandele wat in belastingbeplanning gebruik word as ekwiteit getoon moet word. 'n Beperking word verder geplaas op die billike waarde openbaarmaking van finansiële bates en laste waarvoor die billike waarde nie maklik bepaal kan word nie.



Om gebruikers van finansiële state se aandag daarop te vestig dat *Differential Reporting* as basis gebruik is, moet opstellers van finansiële state dié feit in die rekeningkundige beleid openbaar. Aangesien entiteite nie verplig word om *Differential Reporting* in sy geheel toe te pas nie, moet hierdie rekeningkundige beleidsaantekening uitgebrei word om gebruikers in te lig aangaande die dele van *Differential Reporting* wat toegepas is (D'Andrea, 2002: <http://www.cica.ca/cica/cicawebsite.nsf/public/sgacsmabus>).

### **2.3.2.2. Struktuur**

Die Kanadese model is saamgestel deur 'n nuwe afdeling (Afdeling 1300, *Differential Reporting*) tot die Kanadese rekeningkundige standaard toe te voeg wat as basis dien vir *Differential Reporting* in Kanada. Verdere verligting van spesifieke rekeningkundige bepalinge word in elke standpunt aangedui. Kwalifiserende entiteite kan daardie gewysigde benaderings volg in die opstel van hulle finansiële state (CICA, 2002: <http://www.cica.ca/cica/cicawebsite.nsf/public/sgacsmabus>).

Die finansiële verslagdoeningsraamwerk vir klein entiteite is dus geïntegreer met Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Standaard in Kanada. Dit bring mee dat daar nie verskillende standaarde is wat bygehou en deur rekenmeesters bemeester moet word nie, maar 'n enkele standaard wat na verskillende behoeftes omsien (CICA, 2002: <http://www.cica.ca/cica/cicawebsite.nsf/public/gacsmabus>).

## **2.4. OUDIT-IMPLIKASIES INGEBOU IN INTERNASIONALE MODELLE**

Sedert 1993 is klein entiteite vrygestel van sekere openbaarmakingsvereistes en sodoende is 'n nuwe verslagdoeningsraamwerk daargestel wat later tot die *FRSSE* gelei het. Die probleem wat hieruit voortgevloei het, was dat die finansiële state wat voldoen het aan verminderde openbaarmakingsvereistes, nie meer as 'n waar en redelike weergawe beskou kon word nie. Statutêr was



ouditeure ook nie meer verplig om verslag te doen oor die waar en redelikheid van hierdie entiteite se finansiële state nie (Chopping & Stephens, 1993: 90).

Wanneer entiteite dus nie meer voldoen het aan die kriteria van 'n klein entiteit nie, is die openbaarmaking vir klein entiteite nie meer toepaslik nie en moet die entiteit aan al die openbaarmaking voldoen om 'n oudit kwalifikasie te voorkom. 'n Oudit kwalifikasie op grond van die waar en redelikheid van die finansiële state, bloot omdat die openbaarmaking nie aangepas is nie, het groot verwarring onder die eienaars van hierdie entiteite veroorsaak.

Die statutêre ouditverpligting op mikro-entiteite is later opgehef aangesien die waarde daarvan in baie gevalle onbenullig klein was, vanweë die voortdurende betrokkenheid van die entiteit se rekenmeester by die onderneming. Hierdie mikro-entiteite is deur 'n gesamentlike *ICAS/ICAEW* werksgroep vir klein entiteite gedefinieer as entiteite waarvan:

- a) Die omset nie meer as £ 350 000 per jaar oorskry nie;
- b) Totale bates nie £ 1,4 miljoen oorskry nie; en
- c) Die gemiddelde aantal werknemers gedurende die jaar nie 50 oorskry nie  
(*Accounting Standards Board of the ICAS and the ICAEW*, 1998: <http://www.icas.org.uk/members/sformembers/shape.html>).

Die *ICAS* het in hulle studie - *Investigating the Application of the FRSSE* (*Accounting Standards Committee of the ICAS*, 2000a) - bevind dat: van die honderd ewekansig geselekteerde maatskappye wat voldoen aan die kriteria van klein entiteite en verkorte finansiële state by *Companies House* ingedien het, was:

- a) 76% vrygestel van die statutêre ouditverpligting, waarvan almal die vrystelling benut het, terwyl
- b) agt uit die oorblywende vier en twintig se finansiële state deur een van die groot vyf ouditeursfirmas geoudit was.



Die gesamentlike *ICAS/ICAEW* werkgroep vir klein entiteite het in 1998 voorgestel dat hierdie sogenaamde mikro-entiteite as 'n nuwe kategorie erken moet word (*Accounting Standards Board of the ICAS and the ICAEW*, 1998: <http://www.icas.org.uk/members/sformembers/shape.html>). Die erkenning van 'n nuwe kategorie ondernemingsvorm sal dit moontlik maak om addisioneel tot die ouditvrystelling, ook die rekeningkundige verslagdoenings-behoeftes van hierdie entiteite meer doeltreffend aan te spreek.

Die regverdiging vir die beperkte aanspreeklikheid wat deur kwalifiserende maatskappye geniet word ná bogenoemde vrystellings, is debateerbaar en word verder in hoofstuk 4 bespreek.

## **2.5. VOOR- EN NADELE VAN VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE**

### **2.5.1. *Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)* - Verenigde Koninkryk**

Alhoewel die standaard onder hewige kritiek deurloop, veral onder ouditeure van klein entiteite (Sleigh-Johnson, 2001: 92), is daar ook sekere voordele van die rekeningkundige standaard vir klein entiteite. Die voor- en nadele van die *FRSSE*, soos geïmplementeer in die VK, kan as volg opgesom word:

#### **2.5.1.1. Voordele**

Die vernaamste voordele van die *FRSSE* is onder andere:

- a) 'n "*One-stop shop*", soos beskryf deur Sleigh-Johnson (2001: 92), aangesien dit 'n enkele standaard is wat al die vereistes bevat waaraan 'n klein onderneming moet voldoen, terwyl ander standaarde voortgaan om in volume en kompleksiteit te groei.

Deur al die vereistes in 'n enkele standaard saam te vat, is dit nie nodig vir opstellers van klein entiteite se finansiële state om deur al die verskillende rekeningkundige standpunte, rekeningkundige interpretasies,



wette en ander relevante materiaal te gaan nie, ten einde gedeeltes van toepassing op die entiteit te identifiseer en dan daaraan te voldoen nie.

- b) Na verwagting sal tyd deur die ouditeur bestee om finansiële state op te stel, verkort word weens die vermindering in die aantal openbaarmakingsvereistes. Die addisionele tyd wat tot beskikking sal wees, kan weer aangewend word om finansiële advies aan die kliënt te gee ten einde 'n meer waardetoegevoegde rol te speel, eerder as slegs die opsteller van die finansiële state (Sheridan, 1997: 10).

Sharp (1998: 74) spreek egter van die teendeel deur daarop te wys dat die ongeveer 50 openbaarmakingsvereistes wat nie ingesluit is in die *FRSSE* nie, selde, indien ooit van toepassing is op klein entiteite. Voldoening aan die *FRSSE* sal dus nie 'n tydsbesparing te weeg bring nie.

- c) Die departement van Handel en Nywerheid in die VK sal na verwagting gedurende 2002 konsulteer of alle entiteite vanaf 'n gegewe datum aan die Internasionale Rekeningkundige Standaard moet voldoen en of die *Financial Reporting Standards* soos tans in die VK gebruik word, stadig aangepas moet word om in ooreenstemming met internasionale standaard te wees (Sleigh-Johnson, 2001: 92). Die *FRSSE* bied dus 'n veilige hawe vir alle kwalifiserende entiteite om die oorgang, hetsy stelselmatig of drasties, na internasionale standaard vry te spring.

Die wêreldwye tendens om na internasionale standaard te beweeg laat die idee van 'n internasionale verslagdoeningsraamwerk vir klein entiteite al hoe meer 'n realiteit van die hede word (*Accountancy*, 2001: 21). Die *FRSSE*, soos in die VK geïmplementeer, bied volgens Sleigh-Johnson (2001: 92) 'n waardevolle model om te gebruik.



### 2.5.1.2. Nadele

Nadele van die *FRSSE* kan as volg opgesom word:

- a) Ouditeure stel dikwels die finansiële state op as 'n produk van die audit (Jackson, 1997: 75). 'n Meesterlêer wat opgestel is vir hulle kleiner kliënte en wat al die verpligte openbaarmakingsvereistes bevat, moet nou gewysig word om aan die nuwe openbaarmakingsvereistes van die *FRSSE* te voldoen (McAleese, 2001: 19). Morley (2001: 104) gaan verder om die stelling te maak dat die *FRSSE* meer werk vir die professie as geheel veroorsaak, as wat dit spaar.
  
- b) Twee stelde standaarde moet aangekoop en in stand gehou word deur ouditeure met beide klein en medium of groot kliënte omdat die *FRSSE* slegs van toepassing is op klein entiteite. Aangesien die voldoening aan die *FRSSE* nie verpligtend is nie, is rekenmeestersfirmas onwillig om die addisionele standaard met verdere gepaardgaande koste te implementeer (*Accounting Standards Committee of the ICAS*, 2000a: 4). Rekenmeestersfirmas verkies daarom om alle kliënte se finansiële state in ooreenstemming met al die rekeningkundige standaarde op te stel.

Hierdie probleem kan egter opgelos word as die *Company Law Review Steering Group* se aanbeveling dat die kriteria om te kwalifiseer as 'n klein entiteit met 'n omset van £ 2,8 miljoen per jaar verhoog word na £ 4,8 miljoen per jaar. Dit kan daartoe lei dat baie praktiserende rekenmeesters slegs kliënte sal hê wat kwalifiseer as klein entiteite en dit dus nie meer nodig sal wees om 'n addisionele standaard vir groter ondernemings by te hou nie.

Kliënte kan egter steeds versoek dat hulle state opgestel word in ooreenstemming met al die verskillende rekeningkundige standaarde, wat die beperking tot een stel standaard in sommige gevalle nie moontlik gaan maak nie.



- c) Voldoening aan al die ander standarde is verpligtend vir alle entiteite, uitgesluit die wat klein is, terwyl die *FRSSE* nie verpligtend is vir klein entiteite nie. Praktiserende rekenmeesters is onwillig om die nuwe *FRSSE* ook aan te leer en beskou dit nie as oplossing vir die probleem van te veel standarde nie, maar eerder as net nog 'n standaard (McAleese, 2001: 19).
  
- d) Ingevolge die vereistes van die VK Maatskappywet (1985), moet 'n entiteit in ten minste twee uit die laaste drie jaar voldoen het aan die vereistes soos verduidelik onder paragraaf 2.2.1 (Die Eienskappe van die *FRSSE*) hierbo. Dit het tot gevolg dat nuut geïnkorporeerde entiteite die eerste twee jaar hulle finansiële state in ooreenstemming met al die rekeningkundige standarde moet opstel, alvorens hulle kan kwalifiseer om die *FRSSE* as basis te gebruik (Jackson, 1997: 75), tensy hulle as 'n klein entiteit geïnkorporeer is.

Die *FRSSE* kan dus in baie gevalle eers aan die einde van die derde jaar van besigheid vir die eerste keer toegepas word. Indien die entiteit daarna sodanig groei dat dit nie meer aan die kriteria van 'n klein entiteit voldoen nie, moet finansiële state weer opgestel word in ooreenstemming met al die verskillende standarde. Om finansiële state op grond van die *FRSSE* op te stel, het vir sodanige onderneming slegs addisionele koste tot gevolg om die toepassing twee maal te verander teenoor die opsie om van die begin af finansiële state in ooreenstemming met al die standarde op te stel.

- e) Die *FRSSE* vereis dat vaste bokoste ingesluit word by die berekening van produksiekoste opgesluit in voorraad. Vir 'n aantal klein entiteite behoort veranderlike koste 'n baie beter toepassing te wees, aangesien bestuurders (as gebruikers van die finansiële state) veel eerder veranderlike koste gebruik om 'n prysbeleid en produksievlakke te bepaal (Murphy & Page, 1998: 64). Dit is ook makliker om veranderlike koste



betroubaar te raam. Wanneer produksiekoste as voorbeeld gebruik word, slaag die *FRSSE* dus nie in sy doel om 'n vereenvoudigde vorm te wees nie (Murphy & Page, 1998: 64).

## **2.5.2. *Differential Reporting* - Kanada**

### **2.5.2.1. Voordele**

*Differential Reporting* in Kanada slaag daarin om 'n meer drastiese poging aan te wend om aan entiteite met geen publieke belang die geleentheid te gee om finansiële state met vereenvoudigde en verminderde openbaarmaking op te stel. 'n Meer toepaslike grondslag kan ook gevolg word deur sekere metings- en erkenningskriteria aan te pas om aan die behoeftes van die kwalifiserende groep entiteite te voldoen.

Die klem word ook geplaas op die gebruikers van die finansiële state, wat oor die algemeen Finansiële Instellings, Belastingowerhede, Waagkapitaal- verskaffers en die eienaars van die entiteit is. Aangesien al hierdie gebruikers verdere finansiële inligting kan bekom indien dit verlang word, is dit dus nie meer nodig om finansiële state te laat opstel teen hoë kostes nie (*CICA*, 2001: <http://www.cica.ca/cica/cicawebsite.nsf/publicprint/SGRSFinRptgSBEs>).

### **2.5.2.2. Nadele**

Weens die nuutheid van die model, is verskillende nadele nog nie geformuleer nie. Uit die lesse wat te leer is in die VK, is dit duidelik dat die Kanadese standaard wat ingesluit is in al die ander standaarde, die gevolg het dat opstellers van finansiële state steeds in 'n posisie is waar alle standaarde op datum gehou moet word, al kwalifiseer al hulle kliënte om *Differential Reporting* toe te pas.

Die inhoud van *Differential Reporting*, soos hierbo uiteengesit, wys egter op minimale wysigings aan bestaande standaarde. Argumente soortgelyk aan die wat geopper is in die VK, soos dat dit nie radikaal genoeg is om die koste verbonde aan die implementering van 'n tweede stel standaarde of om bestaande



meesterlêers met die hand te wysig nie, blyk relevant te wees tot hierdie model. Soos in die VK, kan dit na alle waarskynlikheid een van die struikelblokke wees waarvan die uiteinde is dat 'n klein hoeveelheid kwalifiserende entiteite voordeel sal kan trek uit die veranderinge.

## **2.6.       EFFEKTIWITEIT VAN VERSKILLENDE INTERNASIONALE MODELLE**

### **2.6.1.     *Financial Reporting Standard For Smaller Entities (FRSSE)* - Verenigde Koninkryk**

#### **2.6.1.1.   Gehalte van die *FRSSE***

Morley (2001: 104) beklemtoon die noodsaaklikheid om gebruikers van finansiële state die gehalte te gee wat hulle toekom. McC (1995: 27) het egter reeds gedurende November 1995 gewaarsku dat ons nie ons professionele standaard moet verlaag in die proses om 'n unieke standaard daar te stel vir klein entiteite nie, bloot om aan die verwagtinge van hierdie entiteite se gebruikers te voldoen.

Die moontlikheid van 'n verlaging in professionele standaard met die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein entiteite, word deur die *FRSSE* verkeerd bewys. Sleigh-Johnson (2001: 92), bestuurder van die afdeling vir finansiële verslagdoening by die *ICAEW*, beklemtoon dat hy na verloop van die eerste vier jaar wat die *FRSSE* in gebruik is, nie bewus is van enige bewyse wat die integriteit van finansiële state wat opgestel is deur die beginsels van die *FRSSE* te gebruik, bevraagteken nie.

#### **2.6.1.2.   Gebruik van die *FRSSE***

'n Aantal na-implementerings studies is uitgevoer om die waarde en aanvaarbaarheid van die *FRSSE* te bepaal. Die resultate kan as volg opgesom word:

- a) McAleese (2001: 18) dui aan dat van die geselekteerde rekenmeestersfirmas:
  - i) 96% state namens hulle kliënte op stel;

- ii) 81% dit moeilik vind om op datum te bly met die toenemende veranderinge in rekeningkundige standaarde; en
  - iii) dat die *FRSSE* deur 44% van die firmas gebruik word in die opstel van die jaarlikse finansiële state. Die meeste van hierdie firmas stel egter minder as twintig finansiële state per jaar ooreenkomstig die bepalings van die *FRSSE* op.
- b) Die *ICAS* het in hulle studie - *Investigating the Application of the FRSSE (Accounting Standards Committee of the ICAS, 2000a)* - bevind dat: van die honderd ewekansig geselekteerde maatskappye wat voldoen aan die kriteria van klein entiteite en verkorte finansiële state by *Companies House* ingedien het:
- i) 43.0% finansiële state op grond van die beginsels van die *FRSSE* opstel;
  - ii) 65.1% van hierdie 43% die weergawe van die *FRSSE* geopenbaar het;
  - iii) 95.4% van hierdie 43.0% 'n omset het van minder as £ 350 000; en
  - iv) 91.2% van die oorblywende 57.0% wat nie die *FRSSE* toegepas het nie, se omset minder as £ 350 000 was.

Uit die studie is ook gevind dat finansiële state foute bevat (ongegag of die *FRSSE* toegepas is of nie) by veral die toepassing en openbaarmaking van Pensioenfondse (Werknemervoordele) en Uitgestelde Belasting.

By verdere ondersoek, waarvan die resultate in Oktober 2000 gepubliseer is, is bevind dat die mees algemene redes waarom die *FRSSE* nie gebruik word deur 57% van die maatskappye wat aanvanklik geselekteer is nie, onder andere die volgende is:



- i) Die voordele ingesluit vir klein maatskappye in die *FRSSE* regverdig nie die koste wat deur hulle rekenmeesters aangegaan moet word om hierdie standaard te implementeer nie, aangesien
  - die firma 'n tweede stelsel moet implementeer; of
  - die bestaande stelsel met die hand moet wysig om aan die veranderde kriteria en openbaarmaking te voldoen ten koste van die kliënt.
  
- ii) Finansiële Instellings en Belastingowerhede verlang volle openbaarmaking ingevolge al die rekeningkundige standpunte.

Wanneer hierdie steekproefresultate op die populasie van ongeveer 900 000 maatskappye (naastenby 90% van alle maatskappye geregistreer by *Companies House*) geprojekteer word (King, 1997: 70), is dit belangrik om in ag te neem dat, alhoewel 'n aantal rekenmeestersfirmas wel die standaard geïmplementeer het, dit slegs vir enkele kliënte gebruik word en nie op alle kwalifiserende entiteite se finansiële state toegepas word nie (McAleese, 2001: 18). Die resultate van die *ICAS* se studie (*Accounting Standards Committee of the ICAS*, 2000a), wat gefokus het op individuele maatskappye en nie rekenmeestersfirmas nie, gee dus 'n beter aanduiding van die werklike aanvaarding van die *FRSSE*.

Sleigh-Johnson (2001: 92) is van mening dat ongeveer 40% van kwalifiserende maatskappye wel die standaard gebruik na ongeveer vier jaar vanaf datum van implementering, wat in ooreenstemming met die resultate van die *ICAS* se studie is (*Accounting Standards Committee of the ICAS*, 2000b). Daaruit kan afgelei word dat die standaard oor die algemeen aanvaarbaar is en effektief in sy doel geslaag het. Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat daar nog baie veranderinge nodig sal wees alvorens dit as 'n enkele aanvaarbare oplossing gesien sal word nie (Murphy & Page, 1998: 64).



### **2.6.2. Differential Reporting - Kanada**

*Differential Reporting* in Kanada, effektief vanaf 1 Januarie 2002, kon nog nie getoets word in die praktyk nie en moet eers ten minste 'n volle jaar deurloop alvorens bepaal kan word of dit effektief is en in die doel daarvan slaag.

Hoe dit ook al sy, dit is 'n basis wat uitgebou kan word om voorsiening te maak vir die behoeftes van die opstellers en gebruikers van kleiner entiteite se finansiële state.

### **2.7. GEVOLGTREKKING**

Sleigh-Johnson (2001: 92) wys daarop dat dit belangrik is om nie uit die oog te verloor dat die *FRSSE* nie ontwikkel is vir die gerief van die rekenmeestersprofessie nie. Die doel daarvan is eerder om klein entiteite te help om meer verstaanbare en gebruikersvriendelike finansiële inligting te formuleer, wat die bestuur van hierdie entiteite kan gebruik om die prestasie van hulle besigheid aan die einde van 'n finansiële jaar te bepaal.

In die praktyk is rekenmeesters oor die algemeen verantwoordelik vir die opstel van die finansiële state van kleiner entiteite, aangesien die *FRSSE* volgens Sharp (1998: 74) 'n vereenvoudiging van die rekeningkundige standaard is, maar steeds nie eenvoudig is nie. Wanneer die praktyk, asook die kompleksiteit van rekeningkundige standaard dus in ag geneem word, laat dit egter die vraag ontstaan of eienaars van hierdie kleiner entiteite die nuwe standaard gaan gebruik.

Uit die studies, soos in die hoofstuk bespreek, is dit duidelik dat 'n relatiewe groot aantal ondernemings die standaard wel gebruik by die opstel van hulle finansiële state. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat alhoewel die *FRSSE* onder hewige kritiek deurloop, dit ook aan die ander kant positief ervaar word en die voordele daaraan verbonde benut word.



Die Kanadese model is van so 'n aard dat dit meer drastiese vereenvoudiging aan kleiner entiteite kan verskaf, aangesien dit gebaseer is op beheer en nie grootte nie. Die nuut geïmplementeerde standaard fokus egter nog net op sekere gedeeltes van die rekeningkundige handboek soos dit in Kanada bestaan. Dit bied nog nie aan klein entiteite genoegsame vereenvoudiging soos wat verwag is nie.

In geheel gesien kan die verskillende vorme van verligting aan klein entiteite as 'n sukses beskou word. 'n Aantal aanpassings en wysigings is egter nodig voor 'n finale algemeen aanvaarde standaard vir hierdie entiteite geformuleer sal word.

### **HOOFSTUK 3**

#### **VOORGESTELDE SUID-AFRIKAANSE MODEL**

<b>3.1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>31</b>
<b>3.2.</b>	<b>GEBRUIKERS VAN DIE FINANSIËLE STATE EN HUL REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSBEHOEFTE</b>	<b>31</b>
<b>3.3.</b>	<b>NOODSAAKLIKE VEREISTES EN KENMERKE VAN 'N SUID-AFRIKAANSE MODEL</b>	<b>33</b>
<b>3.4.</b>	<b>INHOUD VAN 'N SUID-AFRIKAANSE MODEL</b>	<b>35</b>
3.4.1.	Kwalifiserende kriteria	35
3.4.1.1.	Faktore om in ag te neem by die bepaling van die kriteria	35
3.4.1.2.	Sekondêre kriteria	37
3.4.1.2.1.	Kwantitatief	38
3.4.1.2.2.	Kwalitatief	40
3.4.1.3.	Voorgestelde kriteria	42
3.4.2.	'n Toepaslike Rekeningkundige Standaard	42
3.4.2.1.	Algemeen	42
3.4.2.2.	Voorgestelde opsies vir die inhoud van hierdie standaard	44
3.4.2.3.	Voorgestelde Inhoud	47
<b>3.5.</b>	<b>NOODSAAKLIKE WYSIGINGS AAN REEDS BESTAANDE WETGEWING EN STANDPUNTE</b>	<b>49</b>
<b>3.6.</b>	<b>ODUIT-IMPLIKASIES VIR KLEINER ENTITEITE EN DIE WAARDE DAARVAN</b>	<b>51</b>
<b>3.7.</b>	<b>INPASBAARHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING</b>	<b>51</b>
<b>3.8.</b>	<b>GEVOLGTREKING</b>	<b>52</b>



### **3.1. INLEIDING**

Oor die algemeen word daar verwys na die struikelblokke waarmee klein entiteite te doen het in die proses van finansiële verslagdoening. Hierdie struikelblokke word dan gebruik in argumente aangaande die voldoening aan AARP of daarteen. Die probleem is egter nie die grootte van die entiteit nie, maar wel die waarde van die eindproduk, naamlik die finansiële state. In die praktyk kom die twee egter bymekaar deurdadit ook die kleiner entiteite is wat min waarde uit die eindproduk kry.

Kleiner entiteite, waar die prioriteite hoofsaaklik is om te oorleef, 'n diens of kwaliteitproduk aan kliënte te verskaf, wins te maak om die besigheid op te bou, werk te verskaf en vele meer (Hattingh, 1999a: 21), kan dit nie bekostig om hulpbronne van watter aard ook al verlore te laat gaan in 'n poging om aan reëls en regulasies te voldoen, wat hoofsaaklik ontwikkel is om aan gebruikers van 'n ander kategorie entiteite se behoeftes te voldoen nie.

Tans is slegs maatskappye wetlik verplig (na aanleiding van 'n regsmeening soos in hoofstuk 1 bespreek) om aan AARP te voldoen. Ander ondernemingsvorme, soos byvoorbeeld Beslote Korporasies, Trusts, Eenmansake en Vennootskappe word daarom nie in detail in hierdie studie bespreek nie. Hoe dit ook al sy, 'n toekomstige verslagdoeningsraamwerk vir kleiner entiteite sal 'n waardevolle bydrae aan hierdie entiteite lewer om 'n riglyn daar te stel wat gebruik kan word om gebruikers van finansiële state se behoeftes te bevredig.

### **3.2. GEBRUIKERS VAN DIE FINANSIËLE STATE EN HUL REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSBEHOEFTE**

Gebruikers van finansiële state kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik:

- a) gebruikers wat die reg het om verdere finansiële inligting, bo en behalwe die finansiële state, aan te vra en te ontvang; en
- b) gebruikers wat nie in 'n posisie is om verdere finansiële inligting, bo en behalwe die finansiële state, aan te vra nie.



Uitgebreide rekeningkundige standaarde is dus nodig om laasgenoemde gebruikers, wat ekonomiese besluite op grond van die inligting geopenbaar in die finansiële state moet neem, te beskerm. Hierdie standaard word daargestel deurdat sodanige maatskappye aldoellige finansiële state, soos gedefinieer in RE 101, moet opstel wat in ooreenstemming met AARP is en spesifiek aan die behoeftes van hierdie groep gebruikers voldoen.

Ongeveer 90% van alle Suid-Afrikaanse maatskappye se gebruikers het egter die reg om verdere inligting aan te vra (Hattingh, 2001a: 35). Hierdie gebruikers sluit die volgende groepe in:

a) Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID):

Belasting word bereken deur die inkomstestaat van 'n maatskappy aan te pas vir verskille tussen rekeningkundige- en belastingbeginsels. Hierdie aanpassing sluit onder andere in, om voorsienings vir verlof uitbetalings, waardedaling-afskrywings, kapitalisasie van bruikhure, amortisasie van waardevermindering wat nie aftrekbaar is vir belasting nie, ensovoorts terug te tel.

Die SAID beskik verder oor die reg, ingevolge artikel 74 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) om enige verdere inligting aan te vra soos nodig geag word om die maatskappy se belastingaanspreeklikheid te bepaal. Hierdie reg word reeds lank in die praktyk uitgeoefen.

b) Finansiële instellings wat oortrokke fasiliteite en lenings verskaf:

Finansiële state, of dit in ooreenstemming met AARP opgestel is of nie, word aangepas om kredietrisiko te bepaal. Hierdie inligting word oor die algemeen slegs gedeeltelik gebruik in die bepaling van kredietrisiko terwyl die finansiële instellings verdere inligting aanvra indien dit benodig word.



c) Aandeelhouders wat gewoonlik ook die maatskappy bestuur:

In die meeste gevalle het die aandeelhouders wat ook die maatskappy bestuur, volle toegang tot die finansiële inligting deur middel van bestuurstate en ander rekeningkundige rekords wat bygehou word. Beskerming aan minderheidsaandeelhouders wat nie deel vorm van die bestuur van die maatskappy nie, is egter steeds nodig en word later in die hoofstuk bespreek.

### **3.3. NOODSAAKLIKE VEREISTES EN KENMERKE VAN 'N SUID-AFRIKAANSE MODEL**

'n Suksesvolle Suid-Afrikaanse model kan slegs bewerkstellig word as ons bereid is om uit ons voorgangers se foute te leer en daarop te verbeter. 'n Meer besliste uitkyk op rekeningkundige verslagdoening wat nie deur 'n vrees vir verandering onderdruk word nie, is nodig om aan die behoeftes van kleiner entiteite en die gebruikers van hulle finansiële state te voldoen. Die waardes van finansiële verslagdoening behoort egter steeds behoue te bly ongeag enige veranderinge om aan verskillende behoeftes te voldoen.

Gesien in die lig daarvan dat die probleem nie fokus op klein entiteite teenoor groot entiteite nie, maar die waarde van die eindproduk, behoort kwantitatiewe asook kwalitatiewe vereistes gebruik te word by die bepaling van 'n kwalifiserende entiteit. Deur op kwantitatiewe vereistes alleen te vertrou, soos in die VK, lei daartoe dat meer kategorieë gedefinieer moet word om 'n sukses te maak van sodanige model, aangesien finansiële verslagdoeningsbehoefte van 'n eienaarbeheerde entiteit wesenlik verskil van dié van 'n maatskappy met publieke belang.

'n Skeiding tussen medium en klein entiteite is ook belangrik wanneer slegs kwantitatiewe eienskappe gebruik word. Die hewige kritiek wat tans teenoor die *FRSSE* geopper word, behels kortliks dat, alhoewel die standaard vir klein entiteite toepaslik is, dit nie vir mikro-entiteite toepaslik is nie. 'n Standaard wat



veronderstel was om 'n vereenvoudiging van al die ander standpunte te wees, word nou vasgevang in kompleksiteit van strikvrage soos wie daaraan mag voldoen en wie nie, asook wie eintlik die teikengroep was. (Hierdie kritiek word verder bespreek in hoofstuk 4.) Om nie in dieselfde strik te trap nie, is dit belangrik om kwantitatiewe eienskappe as sekondêre maatstawwe te gebruik en nie as die primêre kwalifiserende kriteria nie.

Die oplossing vir die struikelblokke van klein entiteite binne die Suid-Afrikaanse konteks stop egter nie by die kwalifiserende kriteria van so 'n model nie, maar het 'n eie stel standarde nodig om tussen aldoellige en beperkte-doel finansiële state te onderskei. Die SAIGR is van mening dat 'n nuwe rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir kleiner entiteite egter nie apart moet staan nie, maar 'n integrale deel van die Standpunte van AARP moet vorm. Hierdie rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk moet dus nie uitgebreide openbaarmaking bevat nie, maar steeds aan die basiese aanbieding voldoen om die finansiële state as waar en redelik te kan beskou.

Om verwarring te voorkom, behoort finansiële state wat opgestel is in ooreenstemming met die vereistes van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite, die feit sodanig openbaar dat gebruikers daarvan nie onder 'n wanindruk geplaas word nie. Voorstelle vir die beklemtoning hiervan kan as volg opgesom word:

- a) Die feit moet in die opskrif van die finansiële state vermeld word deur die woorde “Beperkte-doel” in te sluit, byvoorbeeld: “XYZ (Edms) Bpk, Beperkte-doel Finansiële State soos op 30 Junie 20xx” (SAICA, 2000a: 6).
- b) Die feit moet in die direkteursverslag vermeld word dat die state in ooreenstemming met die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite opgestel is en dat ten minste 75% (sien 3.4.1.2.2 (b) hieronder vir verdere verduideliking) van die aandeelhouders daartoe ingestem het.



- c) Die ouditverslag moet openbaar dat die finansiële state ooreenkomstig die beginsels van die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite opgestel is. Om te verhoed dat 'n verwagtingsgaping tussen die gebruikers van hierdie finansiële state en die ouditeure daarvan ontstaan, behoort die feit verder geopenbaar te word deur 'n beklemtoningsparagraaf in die ouditverslag in te sluit. Hierdie beklemtoning behoort te verwys na die openbaarmaking in die direkteursverslag, asook na die rekeningkundige beleid wat toegepas is, indien dit 'n kombinasie van die twee verskillende raamwerke is (sien verdere bespreking onder punt 3.4.2.3 later in hierdie hoofstuk).

### **3.4. INHOUD VAN 'N SUID-AFRIKAANSE MODEL**

Twee van die grootste struikelblokke wat oorkom moet word alvorens 'n rekeningkundige raamwerk vir klein en medium grootte entiteite geïmplementeer kan word, is om:

- a) die kwalifiserende kriteria waaraan 'n entiteit moet voldoen alvorens dit toegepas kan word, vas te stel; en
- b) 'n toepaslike rekeningkundige standaard/(e) vir hierdie entiteite saam te stel (Koppeschaar, 2002: 2).

#### **3.4.1. Kwalifiserende kriteria**

##### **3.4.1.1. Faktore om in ag te neem by die bepaling van die kriteria**

'n Aantal faktore wat in ag geneem moet word in die bepaling van hierdie kriteria, is onder andere:

- a) Die mate van publieke belang in die entiteit (Koppeschaar, 2002: 2).  
Artikel 38(4) van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) definieer persone wat nie as algemene publiek beskou word nie. Dié wat nie daarin gedefinieer is nie en dus die algemene publiek verteenwoordig, kan gesien word as diegene wat nie oor 'n reg beskik om addisionele inligting wat uitgesluit is van die finansiële state, aan te vra nie. Die doel van

hierdie artikel was egter nie om gebruikers van finansiële state te klassifiseer nie, maar kan as 'n riglyn gesien word.

Weens die aard van gebruikers wat nie andersins toegang het tot finansiële inligting nie, soos onder punt 3.2 (Die gebruikers van finansiële state en hulle behoeftes) verduidelik, is dit belangrik om hierdie gebruikers in ag te neem en hulle te beskerm. 'n Entiteit met publieke belang behoort dus uitgesluit te word onder die kriteria en sodanig verplig word om aldoellige finansiële state op te stel.

b) Die kompleksiteit van die entiteit (Koppeschaar, 2002: 2).

Dit is 'n kriteria wat hoë aansien sal vind by die opstellers van finansiële state van hierdie entiteite om die inligting wat weergegee word eerder te vereenvoudig ten einde kostes te verlaag.

Die doel van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite is egter nie om standarde te verlaag ten einde kostes te spaar nie, maar om te voorkom dat hulpbronne benut word vir finansiële inligting waarvoor daar geen gebruik is nie.

c) Skeiding van eienaarskap en beheer (Koppeschaar, 2002: 2).

Die mees effektiewe kriteria is egter nie in die bogenoemde twee kriteria nie, maar in die skeiding van eienaarskap en beheer. Die eienaars se behoefte aan finansiële inligting verskil totaal van die behoeftes van eksterne gebruikers.

Klein entiteite se finansiële state, met beperkte gebruikers soos genoem in punt 3.2 (Die gebruikers van finansiële state en hulle behoeftes), se klem behoort te verskuif na die prestasie en bestuur van daardie entiteit en nie daarop gefokus te wees om inligting te verskaf wat gebruik kan word om ekonomiese besluite oor kapitaalmarkte te neem nie.



Met die klem wat hoofsaaklik op die skeiding tussen eienskap en beheer geplaas word, is die beste kriteria om te gebruik waarskynlik kwalitatiewe eienskappe, eerder as kwantitatiewe eienskappe. Aan beide kante kan 'n aantal eienskappe, voordele en nadele uitgelig word (verwys na bylaag 1). Gegronde op die mees algemene voordele en nadele van beide tipes eienskappe, dui kwalitatiewe eienskappe op meer voordele, terwyl die nadele voorkom kan word deur enkele wysigings aan die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) aan te bring. Die kwantitatiewe eienskappe aan die ander kant kan 'n bydrae lewer om die kriteria meer gesofistikeerd te maak, maar die nadele daarvan is van so 'n aard dat 'n meer komplekse standaard die gevolg kan wees van 'n poging om dit te voorkom.

In 'n *Proposal of the South African Institute of Chartered Accountants with Regard to Legal Backing for and the monitoring of compliance with accounting standards* (SAICA, 2001) stel die SAIGR die basiese kriteria van 'n skeiding tussen private en publieke maatskappye voor, aangesien dit reeds in die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) gedefinieer is. Die nadele van hierdie kriteria is dat private maatskappye aansienlik groot kan wees en die hoeveelheid aandeelhouers beperk is tot vyftig, waar dit onwaarskynlik is dat al die aandeelhouers ook aktief aan die bestuur van die maatskappy deelneem. Laasgenoemde aandeelhouers word dus geklassifiseer as gebruikers wat nie ander finansiële inligting gereedlik kan bekom nie en op die finansiële state moet vertrou.

#### **3.4.1.2. Sekondêre kriteria**

Die skeiding tussen private en publieke maatskappye is 'n maklik identifiseerbare en algemeen bekende kriteria in die sakegemeenskap. In die verfyning daarvan kan die volgende kriteria as 'n sekondêre basis gebruik word:

## 3.4.1.2.1. Kwantitatief

## a) Grootte van die maatskappy.

Met die *FRSSE* as verwysingsraamwerk moet hierdie kriteria in baie meer kategorieë opgedeel word as bloot groot en klein, om voorsiening te maak vir die verskillende behoeftes van verskillende kategorieë entiteite. Kriteria gebruik om grootte te bepaal kan as volg vergelyk word met die basis wat in die VK gebruik word:

	VK	RSA
Omset	£ 2 800 000	R 5 000 000
Balansstaat Saldo	£ 1 400 000	R 2 500 000

Hierdie Suid-Afrikaanse vergelyking soos deur navorsing aan UNISA vasgestel (*SAICA*, 2000a: 6), kan as kriteria gebruik word, maar stel die finale kwalifiserende kriteria weer bloot aan vele kritiek en probleme verbonde aan die grootte van entiteite, soos in die VK ervaar word. Die gebruik van grootte as sekondêre kriteria verbeter egter die VK kriteria deurdat gebruikers grotendeels verminder is tot diegene wat verdere inligting kan bekom sou dit benodig word.

## b) Aantal werknemers.

In uitsonderlike gevalle waar dit belangrik is dat werknemers van die entiteit toegang het tot inligting rakende die finansiële stand en prestasie van die onderneming, beteken dit dat die maatskappy se state deur die publiek gebruik word en dus nie kwalifiseer as 'n klein entiteit nie. Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat die finansiële inligting aan die werknemers van private maatskappye beskikbaar gestel word. Hierdie kriteria het dus geen waarde nie en is irrelevant tot die finansiële inligting. Dit behoort daarom nie as 'n kwalifiserende kriteria vir klein entiteite gebruik te word nie.



c) Aantal aandeelhouders.

'n Kleiner hoeveelheid aandeelhouders het dikwels tot gevolg dat almal direk betrokke is by die bestuur van die maatskappy. Hierdie kriteria spreek dus die probleem van private maatskappye met baie aandeelhouders aan, waar sommige aandeelhouders slegs belê het in die maatskappy en nie deelneem aan die bestuur daarvan nie. Dit bepaal ook tot 'n groot mate die grootte van die entiteit, alhoewel dit geensins as 'n definitiewe aanwyser daarvan gesien kan word nie.

Een van die grootste struikelblokke in die *FRSSE* is dat die standaard nie radikaal genoeg was in die benadering daarvan nie. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat dit voorsiening maak vir kleiner entiteite, maar nie aan die verwagtinge van eienaarbeheerde entiteite voldoen nie. Deur hierdie kriteria te gebruik om 'n beperking te plaas op die aantal aandeelhouders, kan tot 'n groot mate verseker dat die meeste van die aandeelhouders by die bestuur van die maatskappy betrokke is en sodoende ook aan die behoeftes van eienaarbeheerde entiteite voldoen.

'n Beperking op die aantal aandeelhouders kan aan die ander kant negatief ervaar word deur die moontlikheid om verdere aandele uit te reik (in 'n poging om kapitaal te bekom), in herooring te neem. Potensiële groei kan dus hierdeur gedemp word, aangesien die entiteit steeds binne die kwalifiserende kriteria vir klein entiteite wil bly om koste te bespaar.

Die voordele in die gebruik van hierdie kriteria bied 'n sterk oplossing, maar laat potensiaal vir negatiewiteit en behoort nie as 'n eerste opsie beskou te word nie. Die waarde van hierdie kriteria lê egter daarin dat dit wel deel behoort te vorm van die kwalifiserende kriteria om te verhoed dat 'n geleentheid ontstaan waar 'n groot aantal aandeelhouders verdere inligting aanvra. 'n Rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein

en medium grootte entiteite sou geen waarde toevoeg indien dit dubbel werk veroorsaak nie.

'n Kriteria van vyf en twintig aandeelhouders behoort as redelik geag te word, deurdat dit:

- i) tien lede, wat as die maksimum ledetal vir beslote korporasies gestel is, oorskry en dus 'n groter handelsentiteit tot stand kan laat kom, wat steeds nie vasgevang is in 'n netwerk van rekeningkundige standpunte nie; en
- ii) dit 'n beheerbare aantal aandeelhouders is wat, realisties gesien, makliker byeengeroep kan word en wat toegang kan kry tot rekeningkundige rekords sonder om groot addisionele koste te weeg te bring.

#### 3.4.1.2.2. Kwalitatief

- a) Betrokkenheid van die eienaars.

Die betrokkenheid van die eienaars by die onderneming spreek heelwat van die struikelblokke wat in ander kriteria geprojekteer is, aan. Soortgelyk aan 3.4.1.2.1(c) (Die aantal aandeelhouders) kan dit potensiële groei negatief beïnvloed indien 'n addisionele aandeelhouer die entiteit buite die definisie van 'n klein entiteit plaas. Dit sal meebring dat die entiteit weer aan al die Standpunte van AARP moet voldoen.

- b) 'n Verpligting dat al die aandeelhouders skriftelike toestemming moet gee alvorens die finansiële state op 'n ander basis as AARP opgestel mag word.

Die SAIGR stel voor dat die besluit om 'n ander standaard as AARP te gebruik deur 'n spesiale besluit op die algemene jaarvergadering deur die aandeelhouders van 'n private maatskappy goedgekeur word (*SAICA*, 2000a: 5). Die probleem met hierdie goedkeuringsproses is egter dat die algemene jaarvergadering in die eerste plek na die jaareinde gehou



word en tweedens dat een van die punte op die agenda normaalweg die goedkeuring van die finansiële state is.

Dit skep 'n geleentheid dat, indien die finansiële state ooreenkomstig 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite opgestel word en die algemene jaarvergadering dit nie goedgekeur nie, die state teen addisionele koste verander moet word en op 'n latere stadium weer voorgelê moet word vir goedkeuring. Die Kanadese model bied 'n oplossing vir hierdie probleem deurdat al die aandeelhouers hulle skriftelike toestemming vir die verandering van die basis vir die finansiële state moet gee voor die jaareinde.

'n Spesiale besluit om goedkeuring te verleen dat die state op 'n ander basis as AARP opgestel word, het positiewe sowel as negatiewe gevolge. Positief gesien bied dit aan maatskappye die geleentheid om koste te bespaar sou 'n 75% meerderheid tot die verandering instem. Volgens die Kanadese model word die maatskappy egter gedwing om aan AARP te voldoen as selfs net een aandeelhouer nie instem tot 'n verandering in die basis van die finansiële state nie.

Die negatiewe kant van 'n 75% meerderheid is die beperkte reg tot addisionele finansiële inligting van daardie aandeelhouers wat op die finansiële state moet vertrou aangesien hulle nie deel van die bestuur is nie. Dit kan voorkom word deur aan alle aandeelhouers van klein entiteite wat finansiële state ooreenkomstig 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein entiteite opstel, 'n wetlike reg te gee om verdere inligting aan te vra. Hierdie wetlike reg sal later in die hoofstuk bespreek word onder 3.5(a).



### **3.4.1.3. Voorgestelde kriteria**

Na aanleiding van bogenoemde bespreking stel die skrywer 'n kriteria voor wat gegrond word op drie vereistes van 'n kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe aard, naamlik: maatskappye mag slegs finansiële state ooreenkomstig 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite opstel, indien dit aan al drie van die volgende vereistes voldoen:

- a) Die maatskappy 'n private maatskappy is; en
- b) ten minste 75% van die aandeelhouders, ingesluit dié wat nie andersins stemreg sou gehad het nie, skriftelike toestemming voor die finansiële jaareinde gee dat die finansiële state vir die betrokke jaar op hierdie basis opgestel mag word; en
- c) die maatskappy se totale hoeveelheid aandeelhouders nie vyf en twintig oorskry nie.

## **3.4.2. 'n Toepaslike Rekeningkundige Standaard**

### **3.4.2.1. Algemeen**

Die vraag is of slegs die openbaarmakingsvereistes van die bestaande standarde verslap moet word en of alternatiewe metings- en erkenningskriteria wat die doelwitte van kleiner entiteite beter aanspreek ontwikkel moet word (Koppeschaar, 2002: 3). Tradisioneel word daar aanvaar dat dieselfde standarde vir alle entiteite moet geld om vergelykbaarheid en standaardisasie te weeg te bring. 'n Tweede stel standarde sal volgens hierdie denkpatroon ook 'n dwarsboom in die harmoniseringsproses wees.

Die teenargument is dat kleiner entiteite ander finansiële verslagsdoenings-behoeftes het as groter entiteite. Die begrippe van vergelykbaarheid en standaardisasie tussen maatskappye met 'n beperkte doel vir hulle finansiële state, kan nie geregverdig word nie. Die rede hiervoor is dat gebruikers van die finansiële state (soos vroeër in die hoofstuk bespreek) se fokus op die betrokke entiteit se finansiële posisie en prestasie is en nie op beleggingsbesluite tussen maatskappye nie. Hierdie begrippe is in die praktyk ook nie relevant nie,



aangesien finansiële state van maatskappye sonder publieke belang nie deur die publiek of ander maatskappye bekom kan word nie. Die enigste moontlike vergelyking tussen finansiële state is dus tussen die eienaars se eie maatskappye (in gevalle waar hulle oor meer as een beskik) en tussen klein eienaarbeheerde en publieke maatskappye wat oor die algemeen nie vergelyk kan word nie weens die uiteenlopende aard van die twee tipes maatskappye.

Die tradisionele denkpatroon voer verder aan dat verwarring veroorsaak kan word deur die ontwikkeling van 'n tweede stel standarde. Hierdie moontlikheid bestaan wanneer twee of meer maatskappye in 'n groep voorkom hetsy: deur aandeelbesit van 'n houermaatskappy in sy filiale of deur eienaarsbelang van 'n natuurlike persoon in twee verskillende maatskappye, waarvan die een kwalifiseer om aan die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium entiteite te voldoen en die ander een nie. Die verwarring kan vererger word deurdat die finansiële state ook nie doeltreffend met mekaar vergelyk kan word, sonder om aanpassings aan een van die maatskappye se finansiële state te maak nie. Van die ongeveer 250 000 maatskappye wat beperkte-doel finansiële state opstel (Hattingh, 2001b: 13), behoort hierdie gevalle egter baie geïsoleerd te wees en kan oorkom word deur al die maatskappye in die groep se finansiële state in ooreenstemming met AARP op te stel. Die keuse oor watter standaard toegepas moet word, word inderdaad deur die aandeelhouers uitgeoefen.

'n Verskoning dat 'n tweede stel rekeningkundige standarde verwarrend sal wees en nie in lyn met die harmoniseringsproses nie, is 'n aanduiding van 'n minderheid wat steeds vasgevang is onder die gerief wat 'n enkele standaard bied. Het standaardopstellers dalk so vasgevang geraak in die web van 'n eiesoortige denkpatroon dat die behoeftes van ander entiteite wat nie in hierdie standaard inpas nie, buite rekening gelaat word?



### 3.4.2.2. Voorgestelde opsies vir die inhoud van hierdie standaard

Hattingh (2002: 23) stel vier verskillende opsies voor vir die inhoud van 'n toepaslike rekeningkundige standaard vir kleiner entiteite, naamlik:

- a) Alle entiteite moet aan AARP voldoen, maar afwykings sonder verdere openbaarmaking word toegelaat.

Die voordele van hierdie opsie is, onder andere, dat die enteite meer vryheid het om finansiële state op te stel ooreenkomstig 'n standaard toepaslik vir die spesifieke entiteit. Dit is soortgelyk aan dié van Beslote Korporasies en stel dus 'n vereenvoudigde standaard voor en laat die gebruik daarvan in die hande van die opstellers.

Hierdie *Free for All* benadering het die gevaar dat dit 'n skuiwergat laat vir onetiese optrede deur maatskappye. Hierdie opsie kan dus nie as 'n moontlikheid oorweeg word nie, veral met die toenemende bankrotskappe van maatskappye wêreldwyd en gepaardgaande druk op ouditeure om standaarde te verhoog. Dit maak hierdie benadering ontoepaslik vir ons huidige situasie.

- b) Alle entiteite moet aan AARP voldoen en word beperk tot sekere afwykings soos toepaslik vir die entiteit.

Hierdie opsie bied die voordele soos hierbo uiteengesit en oorkom die nadeel soos in punt (a) bespreek. Die nadeel hiervan is dat ons weer vasgevang kan word in die vrees vir verandering om 'n toepaslike standaard vir kleiner entiteite voor te stel. Uit ondervinding van die Kanadese model, die *FRSSE* (wat 'n vereenvoudigde vorm van al die ander standpunte in 'n enkele standaard is) en die struikelblokke wat hierdie modelle ervaar, is dit vir ons 'n aanduiding dat hierdie opsie nie aan die behoeftes van hedendaagse gebruikers voldoen nie.



Dit kan as 'n vinnige oplossing beskou word, maar laat Suid-Afrika in dieselfde spore as dié van sy voorgangers en oorkom nie die struikelblokke wat internasionale modelle ervaar nie.

c) Belasting-gebaseerde standpunte.

'n Belasting-gebaseerde opsie voldoen aan die vereiste van 'n enkele gebruiker van baie private maatskappye, naamlik die SAID. Hierdie opsie laat egter nie toe dat sinvolle inligting weergegee word aan ander gebruikers, soos finansiële instellings en die bestuur van die entiteit, nie. Die hoofdoel van die finansiële state is beslis nie om die belastingaanslag voor te berei nie, aangesien belastingwetgewing en –opgawes dit moontlik maak om die belastingaanspreeklikheid te bereken. Nee, finansiële state het ten doel om die finansiële posisie, prestasie en gebeure gedurende die finansiële jaar weer te gee om ekonomiese besluite te maak.

d) 'n Aparte stel standarde vir klein en medium grootte entiteite.

Dié opsie bied aan kwalifiserende entiteite rekeningkundige standarde wat los staan van die Standpunte van AARP en voldoen spesifiek aan die behoeftes van die gebruikers daarvan. Deur die kriteria (soos vroeër in die hoofstuk bespreek) te gebruik, is dit ook 'n stel standarde wat al die kwalifiserende entiteite se behoeftes aanspreek en nie slegs 'n sekere deel van hierdie entiteite nie, soos die geval is by die *FRSSE*.

Die nadele van 'n aparte stel standarde, asook hoe dit oorkom kan word, kan as volg opgesom word:

- i) Die ontwikkeling van 'n nuwe stel standarde is 'n tydsame proses wat 'n aantal jare gaan neem alvorens dit ten volle geïmplementeer sal wees. Gedurende die ontwikkelingsfase is dit nodig dat kleiner

maatskappye steeds aan al die vereistes van AARP moet voldoen. Die proses kan minder pynvol vir kleiner entiteite gemaak word deur te begin om verligting aan hierdie maatskappye te bied in die vorm van verminderde openbaarmakingsvereistes (soos reeds tot 'n groot mate in *Discussion Paper 16* uiteengesit is).

- ii) Gereelde opdatering is noodsaaklik om die nuwe stel rekeningkundige standaarde op datum te hou met die nuutste verwikkelinge van finansiële verslagdoening. Aanpassings is verder noodsaaklik om te verseker dat die standaarde in geheel aan die gebruikers van die finansiële state se behoeftes voldoen, veral waar vorige weergawes tekort geskied het. Dit kan oorkom word deur 'n weldeurdagte permanente oplossing te formuleer wat alle veranderlikes in berekening bring. Dit is die doel van hierdie studie om 'n raamwerk vir 'n permanente oplossing te ontwikkel.
- iii) Onderrig in twee verskillende standaarde moet op universiteite gegee word. Verdere druk word op ouditeure geplaas om nog 'n stel standpunte aan te leer terwyl baie praktiserende geoktrooieerde rekenmeesters steeds sukkel om die eerste stel standaarde ten volle te verstaan en toe te pas. Dit is egter belangrik om te onthou dat 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir kleiner entiteite nie daargestel word vir die gerief van die professie nie, maar om aan die behoeftes van hulle kliënte te voorsien.
- iv) Rekenmeesterspraktyke moet hulle stelsels sodanig aanpas om voorsiening te maak vir twee stelle standaarde. Bestaande meesterlêers moet aangepas word om voorsiening te maak vir beperkte-doel finansiële state. 'n Permanente oplossing laat rekenmeesters egter toe om eenmalige koste aan te gaan ten einde



'n toekomstige voordeel aan kliënte te bied en self te voldoen aan professionele standaarde.

- v) Ouditeure moet verslag doen op grond van twee verskillende standaarde. Indien die finansiële state op 'n latere stadium gewysig word om aan die vereistes van aldoellige finansiële state te voldoen, verander die kriteria vir verslagdoening van dit wat in die vorige jaar gebruik is. Om 'n moontlike kwalifikasie van die verslag te voorkom behoort ouditeure hulle kliënte in te lig aangaande die vereistes van AARP wat ten volle toegepas moet word by aldoellige finansiële state. Die individuele moontlikhede waar ouditeure hierdie beginsels aan hulle kliënte moet verduidelik, behoort egter nie in die pad te staan van duisende ander entiteite se soeke na verstaanbare finansiële verslagdoening vir die gebruikers van hulle finansiële state nie.

### **3.4.2.3. Voorgestelde Inhoud**

Die resultate van 'n empiriese ondersoek uitgevoer tydens die studie, wys daarop dat gebruikers van finansiële state (veral die eenaars van kleiner entiteite) nie die finansiële state verstaan soos dit tans ingevolge AARP opgestel word nie. Ouditeure, wat ook as rekenmeesters optree, is dit eens dat finansiële state in die huidige vorm nie waarde aan kleiner kliënte toevoeg nie. Finansiële instellings en die SAID heg weer hoë waarde aan standaarde, maar vereis nie dat die finansiële state ooreenkomstig AARP opgestel moet word nie.

Uit die ontleding van internasionale modelle in hoofstuk 2 en die struikelblokke soos verduidelik in hoofstuk 4, is die skrywer van mening dat die vierde opsie soos onder punt (d) hierbo uiteengesit 'n werkbare langtermynoplossing vir Suid-Afrika is. 'n Vermindering van openbaarmaking alleen het nie 'n internasionale werkbare oplossing geskep nie en voldoen ook nie aan die verwagting van sekere gebruikers om die finansiële state te verstaan soos uit die



empiriese studie afgelei is nie. Dit word ondersteun deur 'n opname wat die SAIGR gedoen het waarin direkteure van klein maatskappye en hulle ouditeure versoek is om voorbeelde te verskaf van gevalle waar AARP nie van toepassing op die kleiner maatskappy is nie. Die terugvoer in hierdie opname het in die meerderheid na metings- en erkenningskriteria verwys en nie na openbaarmakingsvereistes nie (Hattingh, 2000: 23).

Hierdie studie fokus nie op die tegniese detail van wat waar ingesluit moet word, of watter metings- en erkenningskriteria aangepas of verander moet word nie. Enkele kriteria wat gebruik behoort te word, kan egter as volg opgesom word:

- a) Openbaarmaking om werklike prestasie weer te gee moet verpligtend wees terwyl openbaarmaking waarvan die koste nie die voordeel regverdig nie (wat slegs vir risikobepaling is en om toekomstige prestasie te bepaal) behoort opsioneel te wees. Sodoende kan klein entiteite aan al die openbaarmakingsvereistes van AARP voldoen, terwyl slegs sekere daarvan verpligtend is en die finale keuse dus by die eienaars van die entiteit gelaat word (*SAICA*, 2000a: 8).
- b) Sekere metings- en erkenningskriteria moet gewysig word, soos byvoorbeeld die vereenvoudiging van die klassifikasie van saamgestelde en omskepbare finansiële instrumente, soos dit in die Kanadese model ingesluit is (*SAICA*, 2000a: 8). Die meting en erkenning van hure en uitgestelde belasting word ook uitgesonder deur gebruikers van kleiner entiteite se finansiële state as bepaalde AARP toepassings wat nie prakties is vir hierdie entiteite nie.

Indien die entiteit besluit om sekere metings- en erkenningskriteria van AARP te gebruik, moet die entiteit die kriteria waarvan afgewyk is in die rekeningkundige beleid openbaar, asook aan watter kriteria wel voldoen is en dat dit in ooreenstemming met AARP is. So word die geleentheid aan kleiner entiteite gebied om ten minste aan die vereistes van 'n tweede stel standarde te voldoen,



maar ook om 'n meer gedetailleerde metode te gebruik. Geen rekonsiliasie tussen die twee metodes behoort verpligtend te wees nie, aangesien AARP 'n omvattende beleid is en dus verbeterde meting en erkenning tot gevolg het.

### **3.5. NOODSAAKLIKE WYSIGINGS AAN REEDS BESTAANDE WETGEWING EN STANDPUNTE**

Na aanleiding van 'n regsopinie dat die woorde algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, soos dit in artikel 286(3) van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) voorkom, op AARP wys (soos in hoofstuk 1 bespreek), beteken dit dat alle maatskappye tans aan AARP moet voldoen.

Om voorsiening te maak vir 'n tweede rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk is dit nodig om die volgende verandering aan die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) aan te bring:

#### **a) Artikel 286(3)**

Die artikel verwys tans slegs na die woorde algemeen aanvaarde rekeningkundige beleid soos hierbo verduidelik. Om onderskeid tussen die twee verskillende rekeningkundige verslagdoeningsraamwerke te tref, stel die SAIGR voor dat die artikel eerstens gewysig word om slegs publieke maatskappye te verplig om aan die Standaard (soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad) te voldoen. Tweedens word voorgestel om 'n subafdeling (3)A by te voeg wat private maatskappye verplig om aan een van die twee rekeningkundige verslagdoeningsraamwerke te voldoen, met bepaalde voorwaardes, indien aan die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite voldoen word.

Derdens stel die SAIGR voor dat 'n tweede subafdeling (3)B ingesluit word (as een van die voorwaardes waaraan voldoen moet word). Die doel van hierdie subartikel is om aan aandeelhouers die reg op addisionele finansiële inligting te gee wanneer die finansiële state op die

rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite opgestel word.

Hierdie wysigings sal wetlike steun aan die standpunte soos deur die SAIGR uitgereik, verleen. Subartikel (3)B sal 'n wetlike reg aan aandeelhouders, wie voorheen slegs geregtig was op die finansiële state soos onder 3.4.1.2.2.(b) bespreek, verleen.

b) Artikel 288

Hierdie artikel handel oor groepstate en moet gewysig word deur die term “algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk” wat na AARP verwys (soos hierbo bespreek) te verwyder.

c) Artikel 300

Die term “algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk” moet vervang word en verwys na artikel 286(3), soos hierbo bespreek. Die SAIGR stel ook voor dat die artikel uitgebrei word deur 'n paragraaf in te sluit wat daarop dui dat waar die direkteure van mening is dat voldoening aan 'n spesifieke standpunt misleidend is, die ouditeur in sy verslag sal openbaar of hy daarmee saamstem.

d) Vierde Bylae

Punt een van die Vierde Bylae tot die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) moet gewysig word dat artikel 289 slegs ingesluit sal word by die opstel van publieke maatskappye se finansiële state.

Hierdie wysiging, tesame met die wysigings aan artikel 286 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos hierbo bespreek, sal die trefkrag van die Vierde Bylae beperk tot publieke maatskappye terwyl private maatskappye daarvan vrygestel sal wees.



Die volledige voorstel van die SAIGR vir artikel 286(3), 288(2) en 300(i) is in bylaag 2 ingesluit.

### **3.6. OUDIT-IMPLIKASIES VIR KLEINER ENTITEITE EN DIE WAARDE DAARVAN**

Uit die empiriese ondersoek wat tydens die studie uitgevoer is, is eienaars van klein maatskappye en hulle ouditeure dit eens dat 'n statutêre ouditverpligting nie baie waarde het nie. Al word erkenning daaraan gegee dat 'n ouditverslag kredietwaardigheid aan finansiële state verleen, is toegevoegde waarde eerder ingesluit in ander adviserende dienste en terugvoer oor interne beheerstelsels wat gedurende die ouditproses aan die kliënt gelewer word.

Ander gebruikers van finansiële state (byvoorbeeld finansiële instellings) is van mening dat 'n ouditverslag hulle besluite kan beïnvloed. Die verduideliking hiervoor is dat die ouditverslag die mate van vertrouwe wat op finansiële state geplaas kan word, aan die gebruikers daarvan kommunikeer.

Die resultate van die empiriese studie wys verder daarop dat al word die oudit self nie hoog aangeslaan onder eienaars van kleiner entiteite nie, die waarde van die ouditproses op maatskappye in die algemeen hoog aangeslaan word.

Hierdie studie fokus nie op die ouditverpligting nie en bespreek daarom nie 'n moontlike vrystelling vir klein maatskappye soos die geval in die VK is nie. Die samehang daarvan tot die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite is egter van so 'n aard dat dit ingesluit was in die empiriese studie waarvan 'n opsomming van die resultate hierbo uiteengesit is.

### **3.7. INPASBAARHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING**

Die SAIGR het reeds in 2000 in beginsel die ontwikkeling van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite goedgekeur. Hierdie besluit word deur onder andere die SAIGR



Rekeningkundige Praktykekomitee, die SAID, die Suid-Afrikaanse Sakekamer, die Raad van Banke in Suid-Afrika, die Instituut van Direkteure asook groot en klein praktyke gesteun (SAICA, 2000a: 3).

Die resultate van 'n empiriese ondersoek uitgevoer tydens die studie, asook 'n bepaling wat deur PC Finance Research CC gedoen is (waarvan die resultate in *Accountancy SA* gepubliseer is (Hattingh, 2002: 23)), toon 'n oorweldigende steun onder rekenmeesters, ouditeure, eienaars van 'n verskeidenheid entiteite en ander belangstellendes vir die ontwikkeling van 'n verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite.

### **3.8. GEVOLGTREKKING**

Professionele rekenmeesters en ouditeure bevind hulself in 'n moeilike posisie tussen die standaard wat toegepas moet word volgens AARP en die verwagtinge van kliënte dat hulle 'n professionele diens moet lewer sonder enige addisionele koste. Garbutt (1999: 29) is van mening dat hierdie verwagtingsgapings nie in groot en klein AARP is nie, maar in die frustrasie wat opstellers van finansiële state ervaar om AARP toe te pas op entiteite wat nie baie openbaarmaking nodig het nie.

Die grootste probleem is egter nie slegs die openbaarmaking en die frustrasie om daaraan te voldoen nie, maar die verstaanbaarheid van finansiële state vir die gebruikers daarvan. Om beperkte openbaarmaking uit te sonder as dié struikelblok van klein entiteite, gaan na alle waarskynlikheid lei tot 'n groter verwagtingsgapings tussen ouditeure en hulle kliënte. 'n Oplossing vir hierdie verwagtingsgapings is om aan kleiner entiteite 'n standaard te bied wat gefokus is op die behoeftes van die gebruikers.

Die benarde posisie waarin klein entiteite hulself bevind, is bevestig deur 'n antwoord wat ontvang is met die uitvoer van 'n empiriese ondersoek tydens die studie (sien bylaag 3), naamlik dat die eienaar van 'n eienaarbeheerde entiteit



graag sou wou help, maar nie weet waarvan gepraat word nie. Dit is waarskynlik enkele gevalle, maar die oorgrote meerderheid eenaars van 'n verskeidenheid entiteite is dit eens dat hulle die finansiële state nie verstaan nie en as gevolg daarvan minimale waarde daaruit kry.

Uit die verskillende redenasies in die hoofstuk kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat 'n Suid-Afrikaanse standaard nie die grootte van entiteite as die vertrekpunt moet gebruik nie. Die soeke na relevante finansiële verslagdoening behoort eerder in ag geneem te word. Die primêre doel van finansiële verslagdoening is tog inderdaad om die gebruikers se behoeftes vir finansiële inligting te bevredig.

## **HOOFSTUK 4**

### **MOONTLIKE STRUIKELBLOKKE EN DIE VOORKOMING DAARVAN**

<b>4.1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>55</b>
<b>4.2.</b>	<b>INTERNASIONALE STRUIKELBLOKKE EN HOE OM DIT TE OORKOM</b>	<b>55</b>
<b>4.3.</b>	<b>SPESIFIEKE STRUIKELBLOKKE IN DIE SUID- AFRIKAANSE OMGEWING</b>	<b>62</b>
<b>4.4.</b>	<b>VOORKOMINGSMAATREëLS VAN VOORSIENE STRUIKELBLOKKE</b>	<b>63</b>
<b>4.5.</b>	<b>GEVOLGTREKKING</b>	<b>64</b>



#### **4.1. INLEIDING**

Die *FRSSE* het in die verlede, soos vandag nog, onder hewige kritiek deurgeloopt. Van hierdie kritiek kan regverdig word, soos byvoorbeeld dié wat vereenvoudigings aanvra wat 'n voordeel vir kleiner entiteite inhou, aangesien die *FRSSE* tans hoofsaaklik openbaarmakingsreëls uitsluit wat in normale omstandighede nie aanwesig is by kleiner entiteite nie. Die *FRSSE* is dus net 'n opsomming van dit wat wel van toepassing is op klein entiteite.

Argumente dat die *FRSSE* meer drasties moet wees in sy uitgangspunt en groter verligting moet bring, is veel eerder 'n soeke na 'n standaard vir mikro-entiteite, wat oor die algemeen ook eenaarbeheerde entiteite is. Negatiewe kritiek kan eerder gesien word in die lig daarvan dat 'n verwagtingsgaping ontstaan het tussen die opstellers van die rekeningkundige standarde vir kleiner entiteite en die gebruikers van hierdie standarde.

In beide gevalle is dit duidelik dat entiteite nie net verdeel kan word op grond van grootte nie, maar daar ook na die aard, spesifieke omstandighede en behoeftes van 'n entiteit gekyk moet word, alvorens verskillende kategorieë geskep word waarvolgens hulle verdeel word. Hierdie probleme kan grotendeels opgelos word deur die voorgestelde Suid-Afrikaanse model, soos wat in hoofstuk 3 bespreek is.

Elke nuwe voorstel bring egter ook sy eie unieke probleme en struikelblokke. Vervolgens 'n opsomming van hierdie probleme en voorstelle oor hoe dit oorkom kan word.

#### **4.2. INTERNASIONALE STRUIKELBLOKKE EN HOE OM DIT TE OORKOM**

In hierdie studie word daar gefokus op die reeds bestaande rekeningkundige modelle, terwyl nuwe idees in ag geneem word. Die *FRSSE* word as basis gebruik aangesien dit reeds in die vyfde jaar van sy bestaan is. Die Kanadese



model verteenwoordig 'n ander denkrigting, maar is eers onlangs geïmplementeer en het nog nie baie van die struikelblokke van 'n nuwe rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk teëgekom nie.

Die vernaamste struikelblokke tydens, asook na die implementering van die *FRSSE* en aanbevelings oor hoe om dit te oorkom, kan in die volgende saamgevat word:

- a) Die personeel dienende op die komitee verantwoordelik vir die ontwikkeling van die standaard vir klein entiteite, was grotendeels verteenwoordig deur die Groot Vyf rekenmeestersfirmas se tegniese personeel in hulle kleinsakeafdelings (*Accountancy: International Edition*, 1996: 96).

Dit word vandag algemeen aanvaar dat wanneer spesifieke probleme en die oplossings daarvoor ontleed word, toonaangewende ondernemings, soos die Groot Vyf rekenmeestersfirmas, daarby betrek moet word. Die onbetwisbare kennis en ondervinding van hierdie ondernemings, asook die beskikbare hulpbronne van hierdie markleiers behoort nie uit die oog verloor te word nie.

Om 'n gebalanseerde en werkbare oplossing te vind vir struikelblokke van die meeste kleiner en veral eienaarbeheerde entiteite, is dit egter belangrik om die kennis van rekenmeesters in medium en klein praktyke 'n hoër aansien te gee. Inderdaad is dit hierdie firmas (wie se personeel op dieselfde professionele vlak as die Groot Vyf rekenmeestersfirmas is) wat oor waardevolle praktiese ondervinding beskik om by te dra tot die oplossings van rekeningkundige struikelblokke wat in kleiner entiteite ondervind word (Jackson, 1997: 75).

In die samestelling van 'n komitee om aangeleenthede van belang te oordink en met werkbare oplossings vorendag te kom, is dit belangrik om



'n balans te handhaaf tussen verskillende rolspelers. Elkeen se betrokkenheid by die aangeleentheid behoort as 'n persentasie van die verteenwoordiging op sodanige komitee gesien te word. So word die kundigheid van alle relevante partye ingesluit.

- b) 'n Algemene gevoel is dat die *FRSSE* nie 'n genoegsame vereenvoudiging is nie en dat dit beperkte, indien enige, voordeel aan klein entiteite verleen (Jackson, 1997: 75). Hierdie verwagting van 'n meer vereenvoudigde model is nie moontlik binne die huidige raamwerk van die VK nie, weens die kriteria van voldoening aan die vereistes van 'n klein entiteit. Met die klem wat geplaas word op grootte, sluit dit ook entiteite met 'n publieke verantwoordelikheid in en moet daar standaard wees om te verseker dat enige potensiële beleggers, kredietverskaffers en ander belanghebbendes die finansiële state as waar en redelik kan beskou.

Jackson (1997: 75) argumenteer dat die *Accounting Standards Board (ASB)* in die VK grootte gebruik by die bepaling van kwalifiserende entiteite om die *FRSSE* toe te pas, omdat dit moeilik sou wees om vas te stel of die betrokke entiteit 'n eienaarbeheerde entiteit is. In hierdie omstandighede word 'n eienaarbeheerde entiteit gedefinieer as een waar die eienaars by daaglikse aktiwiteite van die entiteit betrokke is.

Verdere vereenvoudigings, wat wysigings aan metings- en erkenningskriteria insluit, is nie prakties moontlik in die VK nie. Die Kanadese model voorsien egter daarin deurdat die klem vir kwalifikasie op eienaarskap geplaas word en nie op die grootte van die entiteit nie.

- c) King (1997: 70) stel voor dat klein entiteite vrygestel moet word van alle standaard, tensy ten minste tien persent van die aandeelhouders versoek dat die finansiële state in ooreenstemming met spesifieke standaard opgestel moet word. Hierdie beginsel pas in by die Kanadese model, waar



*Differential Reporting* slegs toegepas mag word indien al die aandeelhouers, ingesluit dié wat nie andersins stemreg het nie, skriftelik daartoe instem.

Die regverdigheid van beperkte aanspreeklikheid wat die aandeelhouers van 'n maatskappy geniet, word deur hierdie vrystelling bevraagteken. Dieselfde geld ook vir die statutêre ouditvrystelling van toepassing op klein entiteite wat aan bepaalde kriteria voldoen.

'n Oplossing vir dié struikelblok is waarskynlik tweeledig, naamlik:

- i) Die probleem word grotendeels oorkom in die Kanadese model waar kwalifikasie vir sodanige vrystelling gegrond word op eienaarskap en nie grootte nie. Enige publieke verantwoordelikheid word hier uitgesluit, terwyl kredietverskaffers, belastingowerhede en die eenaars as die enigste gebruikers van die finansiële state gesien word. Hierdie gebruikers het elkeen die reg om addisionele inligting aan te vra soos benodig word vir die bepaalde situasie, hetsy deur wetgewing of basiese ondernemingsbeginsels.
- ii) Tweedens behoort wetgewing sodanig gewysig te word dat beperkte aanspreeklikheid beperk word tot 'n bepaalde bedrag. 'n Gesamentlike *ICAS/ICAEW* werkgroep vir klein entiteite het 'n voorstel gemaak vir die wysiging van die VK Maatskappywet (1985) om voorsiening te maak vir 'n verdere kategorie van entiteite, naamlik mikro-entiteite. Hierdie entiteite, wat in die VK geklassifiseer sal word op grond van grootte, is ook vrygestel van die statutêre ouditverpligting (*Accounting Standards Board of the ICAS and the ICAEW*, 1998: <http://www.icas.org.uk/members/sformembers/shape.html>).



Die werkgroep gaan verder deur voor te stel dat, in die geval van 'n mikro-entiteit, beperkte aanspreeklikheid beperk moet word tot 'n totaal van £ 50 000. Aandeelhouers sal 'n onbeperkte aanspreeklikheid dra vir enige bedrag wat dié limiet te bowe gaan (*Accounting Standards Board of the ICAS and the ICAEW*, 1998: <http://www.icas.org.uk/members/sformembers/shape.html>).

- d) “*The concept of the FRSSE is interesting, but it’s not what small companies need*” (Murphy & Page, 1998: 64). Hierdie stelling laat vir 'n oomblik twyfel ontstaan oor die effektiwiteit van die *FRSSE*. Die vraag ontstaan dus: wat word werklik deur kleiner entiteite benodig om die struikelblok van 'n magdom rekeningkundige standaarde waaraan voldoen moet word, te oorkom?

Die *FRSSE* het 'n aantal openbaarmakingsreëls, asook enkele metings- en erkenningskriteria uitgesluit, maar behou die basiese formaat van die finansiële state. Murphy en Page (1998: 64) is van mening dat die finansiële state op 'n basis opgestel moet word wat die eienaars van sodanige entiteite kan verstaan en gebruik in die evaluering van die onderneming. Dit sluit, onder andere in om weg te doen met 'n balansstaat vir baie klein entiteite en slegs 'n gedetailleerde wins- en verliesstaat (meer algemeen bekend as 'n Inkomstestaar in Suid-Afrika) op te stel wat alle openbaarmaking bevat.

McAleese (2001: 18) daarenteen, stel voor dat die finansiële state eerder basiese finansiële inligting moet bevat en nie vasgevang moet word in tegniese standaarde nie. Dit sluit in 'n prestasie evaluering van die entiteit se geskiedenis, verhoudingsontledings en grafiese voorstellings van bepaalde aktiwiteite.

In *Breaking the Code* ('n dokument opgestel deur die ICAS) word die behoeftes van klein entiteite as volg opgesom: hierdie entiteite benodig inligting wat bestuur en ander belanghebbendes kan voorsien van die winsgewendheid, solvabiliteit, toekomstige finansiële verwagtinge en die kwaliteit van bestuur. Hierdie inligting kan saamgevat word in 'n staat van basiese inligting, bestuurstaat, 'n opsomming van die entiteit se verwagtinge, asook 'n onafhanklike verslag by maatskappye wat die inligting daarin vervat, beoordeel en tot 'n gevolgtrekking kom (*Accounting Standards Board of the ICAS*, 1998: <http://www.icas.org.uk/members/sformembers/breaking.html>).

Die drie verskillende sienings hierbo bespreek dra gewig, maar is eerder van toepassing op eenaarbeheerde entiteite as op klein entiteite (soos gedefinieer in die VK Maatskappywet (1985)) waar die grootte van die entiteit die deurslaggewende faktor is wat tussen klein en groot onderskei. Die klem verskuif hier na bestuurstate, wat dikwels in nie-eenaarbeheerde entiteite reeds bestaan, eerder as finansiële state.

- e) Komplekse aangeleenthede, soos onder andere Belasting op Toegevoede Waarde, moet in meer detail bespreek word en 'n standaard moet daargestel word wat hierdie aspekte op 'n meer vereenvoudigde manier weergee (Murphy & Page, 1998: 64).

Die oplossing hiervoor is weereens om eenaarbeheerde entiteite (wat vroeër gedefinieer is as mikro-entiteite) as uniek te beskou en nie vas te kyk in die woord *klein* nie. Baie entiteite wat as klein in die VK gedefinieer word, is egter groot genoeg om uit gespesialiseerde personeel en selfs afdelings te bestaan, asook om oor genoegsame kennis te beskik ten einde hierdie struikelblokke te oorkom.



- f) Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Standaard is oor baie jare ontwikkel en word in baie opsigte steeds as die enigste norm beskou wat sal verseker dat finansiële state waar en redelik is.

Hierdie vrees vir verandering sal altyd vir heelwat individue 'n rede bly om nie te vertrou op enige nuwe standaard wat nie aan die vereistes van al die rekeningkundige standaarde voldoen nie. Opleiding kan gesien word as een van die belangrikste komponente om hierdie vrees te oorkom. Hierdie feit word in die praktyk bewys en beklemtoon deur McAleese (2001: 19) se studie van of die *FRSSE* dié oplossing vir klein maatskappye is. Opstellers, asook gebruikers van finansiële state, moet eers oortuig word dat 'n nuwe standaard tot positiewe verandering kan lei om waarde toe te voeg, eerder as om dit verlore te laat gaan.

Die struikelblokke in die VK kan, na die skrywer se mening, saamgevat word daarin dat die definisie van klein entiteite, soos vervat in die VK Maatskappywet (1985), te breed is en entiteite met verskillende aard en behoeftes in dieselfde groep insluit. Klein eenaarbeheerde entiteite moet as 'n afsonderlike groep beskou word, weens die unieke samestelling van hierdie entiteite.

Die Kanadese model definieer hierdie unieke groep beter deur na entiteite met geen publieke belang te verwys en waar al die aandeelhouders skriftelik moet toestem om *Differential Reporting* toe te pas. Dit is egter weer nie drasties genoeg wanneer dit by verligting kom nie, weens die beperkte omvang van die huidige model. 'n Toekomstige model met 'n beter ingesteldheid teenoor die behoeftes van kleiner entiteite kan 'n baie beter bydrae lewer tot die unieke eenaarbeheerde entiteite.



#### **4.3. SPESIFIEKE STRUIKELBLOKKE IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING**

Een van die grootste struikelblokke by die implementering van standaarde is nie net om die langsame proses aan die gang te sit nie, maar om dit deur te voer sonder dat baie kosbare tyd verlore gaan. 'n Vinnige en maklike oplossing (Hattingh, 2001a: 35) kan moontlik vir 'n kort periode geld, maar loop die gevaar van standaarde wat voortdurend deurloop onder kritiek en gereeld gewysig en opgedateer moet word vir veranderende behoeftes. Aan die ander kant staan 'n weldeurdagte en meer permanente oplossing (Koppeschaar, 2002: 3). Hierdie oplossing se grootste probleem is waarskynlik die tyd wat dit sal verg om in plek te stel, terwyl kleiner entiteite steeds koste moet absorbeer vir finansiële inligting wat relatief min waarde het.

Die bepalinge van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) staan tans in die pad van baie kleiner entiteite om aan enige ander standaard as AARP te voldoen, soos in die vorige hoofstukke bespreek. Noodsaaklike wetswysigings, soos voorgestel in hoofstuk 3, is nodig alvorens kleiner maatskappye na 'n meer doeltreffende en koste-effektiewe standaard kan kyk.

Hierdie wetswysigings is ook noodsaaklik om aan rekeningkundige standaarde (wat deur die SAIGR opgestel is) regserkenning te gee en dit sodoende wetlik afdwingbaar te maak. Sodanige stap is nie net nodig om eenvormigheid af te dwing en rekeningkundige verslagdoening van hoogstaande kwaliteit te verseker nie, maar ook om beleggers van publieke entiteite te beskerm.

Daar bestaan tans geen maatreël om voldoening aan standpunte wetlik af te dwing nie. Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs verplig genoteerde maatskappye wel om aan AARP te voldoen, maar kan dit ook nie afdwing nie (Smit, 2001: 9). Omsendbrief 5/2000, soos uitgereik deur die SAIGR, wys daarop dat ouditeure gedissiplineer kan word as hulle nie die auditverslag kwalifiseer indien die finansiële state van 'n maatskappy nie aan AARP voldoen nie. Hierdie



verpligting, waaraan ouditeure moet voldoen, word egter nie gemonitor nie aangesien die enigste vorm van kwaliteitsbeheer die praktykevaluerings is wat deur die Ouditeursraad uitgevoer word om te verseker dat ouditeure aan die standarde voldoen. Hierdie evaluerings fokus egter hoofsaaklik op die auditverpligtinge en gee nie baie aandag aan die voldoening van rekeningkundige standarde nie (Hattingh, 1999c: 33).

'n Verdere struikelblok is die tekortkominge van standaardstellers om aan die behoeftes van kleiner entiteite te voldoen. Die SAIGR is tans van mening dat slegs verminderde openbaarmaking noodsaaklik is (SAICA, 2000a: 4). Die teendeel is egter in die VK bewys, veral wanneer na die behoeftes van eienaarbeheerde entiteite gekyk word.

#### **4.4. VOORKOMINGSMAATREËLS VAN VOORSIENE STRUIKELBLOKKE**

Die oplossing (om uitgerekte debatte deur standaardstellers wat ten koste van kleiner entiteite gedoen word, te voorkom) is 'n kombinasie van 'n vinnige en 'n meer permanente Suid-Afrikaanse model. Hierdie moontlikheid bestaan, aangesien 'n groot hoeveelheid werk reeds binne die Suid-Afrikaanse omgewing gedoen is. Die korttermyn deel van die oplossing is om die verminderde verpligte openbaarmaking, soos uiteengesit in *Discussion Paper 16* (SAICA, 2000a) te implementeer vir gebruik deur kwalifiserende entiteite. Sodoende word verligting geskep vir klein entiteite terwyl standaardstellers ander aspekte soos die metings- en erkenningskriteria, wat deel vorm van die permanente oplossing, ontwikkel.

Steun vanaf alle partye betrokke by die ontwikkeling van 'n rekeningkundige standaard vorm een van die belangrikste komponente van 'n suksesvolle poging vir die ontwikkeling en implementering daarvan. Sodanige steun word oor die algemeen deur die sakegemeenskap ervaar, terwyl die regering ten gunste van bepaalde wysigings blyk te wees om 'n meer doeltreffende standaard vir kleiner



maatskappye daar te stel. Hierdie steun behoort egter verder uitgebou te word deur alle betrokke partye op hoogte te hou van vorderings deur gereelde terugvoer te gee en om enige onverwagte struikelblokke dadelik op te los.

Die meerderheid belanghebbendes in Suid-Afrika stem oor die algemeen saam dat kwalitatiewe eienskappe 'n groter rol moet speel in die bepaling van 'n kwalifiserende kriteria vir entiteite wat aan 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk wil voldoen. Metings- en erkenningskriteria sal egter nog aan baie debatvoering blootgestel word. 'n Deurslaggewende faktor vir hierdie debat behoort in internasionale modelle gevind te word, waar ontevredenheid (veral onder eienaarbeheerde entiteite) bestaan dat verminderde openbaarmaking nie die struikelblokke van hierdie entiteite volledig aanspreek nie. 'n Volledige stel standarde, wat onafhanklik funksioneer, maar tog oorvleuel en 'n keuse aan die gebruikers tussen die twee stelle standarde laat, blyk die oplossing te wees.

#### **4.5. GEVOLGTREKKING**

Die grootste struikelblok is waarskynlik die moontlikheid dat 'n standaard vir kleiner entiteite nie deur hierdie entiteite positief ervaar word nie. Wanneer 'n nuwe standaard ontwikkel word vir 'n bepaalde groep entiteite, behoort dit gekenmerk te word deur:

- a) die betrokkenheid van alle belanghebbendes;
- b) 'n duidelike onderskeiding tussen verskillende kategorieë entiteite, wat sodanig gedefinieer is dat dit voorsiening maak vir verskillende behoeftes; en
- c) dat dit gefokus is op die behoeftes van die gebruikers daarvan.

Die skrywer is van mening dat 'n suksesvolle langtermynoplossing slegs bereik kan word as bogenoemde kriteria gelyktydig aanwesig is en die standaardstellers die foute van ons voorgangers bestudeer en daarop verbeter.



## **HOOFSTUK 5**

### **DIE IMPLEMENTERING VAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE**

<b>5.1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>66</b>
<b>5.2.</b>	<b>DIE EFFEK VAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAG- DOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE OP DIE REKENMEESTERS- PROFESSIE</b>	<b>66</b>
5.2.1.	Voortgesette opleiding en die aanvaarbaarheid van 'n nuwe stel standaarde	66
5.2.2.	Tradisionele rekenmeestersrol teenoor die nuwe waardetoe- voegingsrol van ouditeure	67
5.2.3.	Die gevare van 'n verlaging in professionele standaarde met die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite	68
<b>5.3.</b>	<b>KOSTE VAN IMPLEMENTERING VAN EN VOLDOENING AAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGS- RAAMWERK TEENOR DIE VOORDEEL DAARVAN VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE</b>	<b>69</b>
<b>5.4.</b>	<b>DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N TWEEDE STEL REKENINGKUNDIGE STANDAARDE IN SUID-AFRIKA</b>	<b>72</b>
<b>5.5.</b>	<b>DIE MOONTLIKHEID VAN 'N SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN 'N TWEEDE STEL REKENINGKUNDIGE STANDAARDE IN DIE SUID- AFRIKAANSE OMGEWING</b>	<b>72</b>
<b>5.6.</b>	<b>GEVOLGTREKING</b>	<b>73</b>

## **5.1. INLEIDING**

Die inplementeringsfase van 'n nuwe rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk word dikwels gekenmerk deur teëstand, 'n aantal probleme en is soms 'n tydsame proses. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat slegs belangstellendes aan die ontwikkelingsproses deelneem, terwyl kritici se opinies eers bekend word wanneer die proses 'n gevorderde stadium bereik het. Hierdie oneweredige deelname lei dikwels tot 'n uitgerekte proses, wat ten koste van elkeen wat voordeel uit 'n nuwe rekeningkundige standaard sal trek, veroorsaak word.

Hierdie hoofstuk fokus nie op die volledige implementeringsproses nie, maar bespreek 'n aantal aangeleenthede wat betrekking het op die implementeringsfase wat na verwagting reeds in die jaar 2003 in Suid-Afrika sal begin.

## **5.2. DIE EFFEK VAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGSRAAMWERK VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE OP DIE REKENMEESTERSPROFESSIE**

### **5.2.1. Voortgesette opleiding en die aanvaarbaarheid van 'n nuwe stel standaarde**

*“But then preparers would have to understand all the statements of GAAP”* (Hattingh, 2001a: 35). Hierdie stelling wat gemaak is tydens 'n AARP opdateringswerkwinkel gee 'n aanduiding van die noodsaaklikheid van voortgesette opleiding in die professie. 'n Tweede stel standaarde laat opstellers van finansiële state (en die ouditeure daarvan) met nog addisionele standaarde wat verstaan en toegepas moet word.

Die rekenmeestersprofessie word gekenmerk deur voortdurende opdatering van kennis, veroorsaak deur wetswysigings en veranderinge aan standpunte. Addisioneel tot die normale wysigings, moes AARP die laaste paar jaar gewysig word om dit in lyn te bring met internasionale standaarde. 'n Vraag wat gevra



kan word, is hoe die lede van die professie veronderstel is om 'n professionele diens aan sy kliënte te lewer terwyl daar 'n groot hoeveelheid tyd spandeer moet word om op datum te bly met al die veranderinge. Die antwoord daartoe is eenvoudig: dit is 'n tyd wat gekenmerk word deur voortdurende veranderinge, nie net in die professie nie, maar ook in alle fasette van ons bestaan. Benaderings wat 'n aantal jaar gelede gegeld het, is in baie gevalle vervang met nuwe denkrigtings wat aanpas by die hedendaagse omstandighede.

Standpunte van AARP word voortdurend verander om dit in lyn met internasionale standaarde te bring terwyl meer klem op die voldoening aan hierdie standpunte geplaas word om beleggers te beskerm. Dié veranderinge het tot gevolg gehad dat hierdie standpunte se fokus verskuif het na die behoeftes van groter entiteite en om kapitaalmarkte te evalueer. In die proses is kleiner entiteite se gebruikers en hulle finansiële verslagdoeningsbehoefte egter buite rekening gelaat.

### **5.2.2. Tradisionele rekenmeestersrol teenoor die nuwe waarde-toevoegingsrol van ouditeure**

Rekenmeesters is nie vrygestel van die vereiste om waarde tot sy kliënt se onderneming toe te voeg ten einde 'n sukses van sy eie bedryf te maak nie. Dit is al hoe meer nodig om die tradisionele rol van 'n rekenmeester, wat help om die rekeningkundige rekords op datum te hou en die finansiële state op te stel, te vervang met dié van 'n enkele vennoot met genoegsame finansiële kennis om waarde tot sy kliënte se ondernemings toe te voeg. Koste-oorwegings maak dit nie meer moontlik vir kliënte om verskillende professionele opinies in te win ten einde ingeligte finansiële besluite te kan neem nie.

As 'n professie wat hierdie waardetoevoegingsrol aanvaar het en grotendeels in beheer staan van finansiële regulasies, is dit belangrik om na die behoeftes van kliënte om te sien. Die ondersoek na die noodsaaklikheid van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite



en die inhoud daarvan is die verantwoordelikheid van die professie en behoort so vinnig en doeltreffend as moontlik aangespreek te word.

### **5.2.3. Die gevare van 'n verlaging in professionele standaarde met die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoenings- raamwerk vir klein en medium grootte entiteite**

Sharp (1998: 74) het drie opsies aan geregistreerde rekenmeesters van klein entiteite in die VK gestel:

- a) om aan al die rekeningkundige standaarde te voldoen;
- b) die *FRSSE* toe te pas; of
- c) om hulle eie professionele oordeel te volg.

In Suid-Afrika is 'n opname onder ouditeure van private maatskappye gedoen aangaande die vereistes van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos verduidelik in omsendbrief 8/99 (*SAICA*, 1999c). Hierdie omsendbrief bepaal dat alle maatskappye se finansiële state ooreenkomstig AARP opgestel moet word. Die opname het die volgende resultate getoon:

- a) 'n klein hoeveelheid ouditeure het die finansiële state gewysig om aan AARP te voldoen, hoofsaaklik op eie koste;
- b) 'n kleiner hoeveelheid ouditeure het 'n gekwalifiseerde auditverslag uitgereik om moontlike dissiplinêre stappe, soos in omsendbrief 5/2000 (*SAICA*, 2000b) gelys, te voorkom; terwyl
- c) die meerderheid ouditeure nie eens bewus was van die twee omsendbriewe nie en 'n standpunt gehuldig het dat voldoening aan AARP onprakties sou wees en het dus geweier om te voldoen aan die vereistes van die omsendbriewe.

Die derde opsie wat Sharp aan geregistreerde rekenmeesters gestel het, was dus deur die meerderheid van ouditeure gevolg. Die nadeel van hierdie opsie is egter dat dit nie 'n opsie vir geregistreerde rekenmeesters in Suid-Afrika of elders is nie. As professionele persone is ons verbind aan professionele standaarde



waaraan voldoen moet word. Afgesien van die vereistes van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) en die interpretasie dat algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk op die Standpunte van AARP dui (soos in hoofstuk 1 bespreek) het al hierdie ouditeure se auditverslae 'n aanduiding bevat dat die finansiële state waar en redelik is. Die enigste professionele standaard waaraan hierdie stelling tans binne die Suid-Afrikaanse omgewing gemeet kan word, is AARP wat in die voorwoord daarvan finansiële state wat daaraan voldoen as waar en redelik bestempel.

Finansiële state kan sekerlik beoordeel word deur professionele oordeel te gebruik. Die probleem is dat alle ouditeure en die gebruikers van finansiële state nie dieselfde dink nie. Wat waar en redelik is vir die een, is waarskynlik nie waar en redelik vir die ander nie.

Die grootste enkele rede wat aangevoer is oor waarom AARP nie toegepas is deur die meerderheid ouditeure nie, soos in die opname hierbo bespreek, was dat dit onprakties sou wees om AARP op die finansiële state van hulle kliënte toe te pas. 'n Rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite behoort dus eerder tot 'n verhoging in professionele standaarde te lei, as 'n verlaging daarvan. 'n Professionele standaard is inderdaad net 'n standaard as dit toegepas word.

### **5.3. KOSTE VAN IMPLEMENTERING VAN EN VOLDOENING AAN 'N REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENINGS-RAAMWERK TEENoor DIE VOORDEEL DAARVAN VIR KLEIN EN MEDIUM GROOTTE ENTITEITE**

Die Rekeningkundige Praktykeraad wat tans in Suid-Afrika bestaan (en verantwoordelik is vir die ontwikkeling, opdatering en implementering van rekeningkundige standaarde), beskik nie oor genoegsame kapasiteit om addisioneel tot die huidige standaarde, die verantwoordelikheid van 'n



rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite ook op te neem nie (*Accountancy*, 2001: 39).

Om hierdie verantwoordelikheid na te kom, behoort 'n komitee dus aangestel te word wat oor voldoende kapasiteit beskik om 'n tweede verslagdoeningsraamwerk te ontwikkel, implementeer en te onderhou. Die SAIGR het reeds 'n voorstel gemaak waarin die standaardstellersproses in Suid-Afrika aangepas kan word om voorsiening te maak vir twee verskillende rekeningkundige verslagdoeningsraamwerke. Elkeen sal deur 'n eie komitee beheer word, terwyl 'n hersieningspaneel die toepassing van standaarde in Suid-Afrika sal afdwing en dit monitor. Dié twee komitees sal aanbevelings maak aan 'n Rekeningkundige Standaarde Raad (wat die huidige Rekeningkundige Praktykeraad sal vervang), wat dit moet goedkeur alvorens dit van krag sal wees (*SAICA*, 2001).

Die voorstel, soos hierbo bespreek, maak voorsiening vir koste wat nie R6 miljoen in die eerste jaar sal oorskry om die proses te herorganiseer nie. In die daaropvolgende jare sal koste na verwagting aansienlik verlaag, aangesien daar verder voorgestel word dat vergaderings van komitees sodanig gestruktureer moet word dat dit die minste moontlike koste te weeg sal bring. Hierdie strukturering behoort die ligging van die komiteelede in ag te neem, aangesien reiskoste vir gereelde kort vergaderings veel hoër sal wees as die verblyfkoste toeskryfbaar aan vergaderings wat oor langer periodes gehou sal word. 'n Duidelike kostebesparingsgrondslag behoort dus gevolg te word by die implementering van die nuwe voorgestelde standaardstellingsproses.

Hierdie koste sal aanvanklik uit beskikbare staatsfondse betaal word, terwyl die voorstel voorsiening maak vir 'n toekomstige heffing op maatskappye sodra die Registrateur van Maatskappye se databasis ten volle funksioneer. 'n Heffing word voorgestel aangesien die standaardstellingsproses direkte voordeel vir hierdie ondernemings en hulle aandeelhouers sal inhou, wat na verwagting 'n



bydrae tot die hele land se ekonomie sal lewer. Die impak van hierdie heffing is tans nie bekend nie en word nog net as 'n oorweging beskou waarvan die moontlikheid en verdere besonderhede op 'n latere stadium meer aandag sal geniet.

Die koste en voorstelle, soos hierbo bespreek, moet egter in geheel gesien word en is nie slegs op 'n tweede rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite van toepassing nie. Hierdie stelsel is tot voordeel van alle maatskappye se gebruikers van finansiële state. Aandeelhouers van groter en veral publieke maatskappye, sal egter 'n groter voordeel uit die hersieningspaneel kry, terwyl gebruikers van kleiner maatskappye slegs in uitsonderlike gevalle daarby sal baat.

Addisioneel tot bogenoemde koste, moet opstellers van kleiner entiteite se finansiële state hulle bestaande stelsels aanpas om voorsiening te maak vir twee rekeningkundige verslagdoeningsraamwerke. Die opname, soos onder 5.2.3 hierbo bespreek, wys egter daarop dat baie rekenmeesters en ouditeure hulle stelsels reeds in die verlede moes aanpas en dat dit nie gedoen is nie. 'n Aanpassing, indien enige, om aan die nuwe vereistes vir kleiner entiteite te voldoen, behoort minimaal te wees teenoor die koste om aan AARP te voldoen.

In totaal gesien, sal die implementeringskoste relatief min wees in vergelyking met die voordeel wat klein entiteite sal kry uit 'n standaard wat spesifiek aan hulle behoeftes voldoen. Dit sal ook aan ouditeure die geleentheid bied om bestaande strukture op 'n eenvoudige wyse aan professionele standaarde te laat voldoen.



#### **5.4. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N TWEEDE STEL REKENINGKUNDIGE STANDAARDE IN SUID-AFRIKA**

Die koste per gebruiker om finansiële state ooreenkomstig AARP op te stel is baie meer vir klein maatskappye as vir genoteerde maatskappye. Dit regverdig ook nie die voordeel daarvan nie, aangesien al die geopenbaarde inligting nie deur gebruikers benut word nie. Hierdie beperkte gebruik teen hoë koste beklemtoon die noodsaaklikheid om kleiner entiteite se finansiële behoeftes op 'n ekonomiese wyse te bevredig.

Om die noodsaaklikheid van 'n tweede stel rekeningkundige standaarde te bepaal, moet standaardstellers die regverdigheid beoordeel om kleiner entiteite (wat as prioriteite: oorlewing, dienslewering aan kliënte, die generering van wins om die besigheid op te bou en die verskaffing van werksgeleenthede het) te verplig om ten duurste aan AARP te voldoen. AARP wat tot 'n groot mate gefokus is op die verskaffing van finansiële inligting vir gebruik in kapitaalmark-besluitneming, is tot voordeel van veral genoteerde maatskappye met baie aandeelhouders.

'n Opkomende ekonomie kan dit nie bekostig om toe te laat dat ongeveer 90% van sy maatskappye benadeel word omdat daar slegs op die oorblywende 10% se behoeftes gefokus word nie. Dit behoort dus nie as 'n noodsaaklikheid beskou te word nie, maar as 'n vereiste vir volgehoue ekonomiese groei in die opbouing van die Suid-Afrikaanse ondernemingssektor.

#### **5.5. DIE MOONTLIKHEID VAN 'N SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN 'N TWEEDE STEL REKENINGKUNDIGE STANDAARDE IN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING**

Die moontlikheid van 'n suksesvolle implementering is in die doelgerigtheid van die nuwe rekeningkundige standaarde vir klein en medium grootte entiteite. Vasstelling van struikelblokke, die vasbeslotenheid van standaardstellers en die



ondersteuning deur die breë sakegemeenskap is unieke eienskappe wat aanwesig moet wees om 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite moontlik te maak in die Suid-Afrikaanse omgewing.

Hierdie eienskappe kon die laaste paar jaar in Suid-Afrika bespeur word en het 'n stadium bereik waar alle belanghebbendes die woorde van menigte debatte in dade begin omskep het. Verskillende komponente soos die finansiering hiervan, navorsing oor watter moontlikhede oorweeg moet word in die bepaling van 'n finale antwoord en wysigings aan bestaande strukture het reeds 'n gevorderde stadium bereik.

Die moontlikheid van 'n suksesvolle implementering in Suid-Afrika blyk dus nie meer net 'n moontlikheid te wees nie, maar 'n realiteit.

## **5.6. GEVOLGTREKKING**

Suid-Afrika het reeds 'n gevorderde stadium bereik in die implementering van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite, waar 'n aantal voorstelle vir wysigings aan bepaalde wette, standaarde en selfs die standaardstellingsproses deur die SAIGR gemaak is. *Discussion Paper 16 (SAICA, 2000a)* bevat 'n raamwerk van verpligte en opsionele openbaarmaking vir klein en medium grootte entiteite wat na verwagting die openbaarmaking van die nuwe rekeningkundige standaarde sal uitmaak waaraan hierdie entiteite moet voldoen.

'n Groot hoeveelheid werk is reeds gedoen, maar laat die proses nog in 'n posisie waar daar oor 'n bepaalde aantal aspekte ooreenstemming bereik moet word. Ander aspekte wat standaardstellers reeds oor besluit het, soos dat die nuwe rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk slegs verminderde (en waar nodig vereenvoudigde) openbaarmaking moet bevat behoort egter weer in oorweging geneem te word om ook voorsiening te maak vir aanpassings aan metings- en erkenningskriteria, soos in hoofstuk 3 bespreek.

Hierdie heroorwegings van bepaalde tegniese aspekte behoort nie in die plek te staan van die voorlopige implementering van 'n standaard wat die openbaarmakings-struikelblok oorbrug nie, terwyl ander aspekte bygevoeg kan word op 'n latere stadium wanneer dit gereed is vir die toepassing daarvan.



## ***HOOFSTUK 6***

### **SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

<b>6.1.</b>	<b>ALGEHELE GEVOLGTREKKING</b>	<b>76</b>
6.1.1.	Agtergrond van die studie	76
6.1.2.	Gevolgtrekking van die studie	77
<b>6.2.</b>	<b>AANBEVOLE VELDE VIR VERDERE STUDIE</b>	<b>82</b>

## **6.1. ALGEHELE GEVOLGTREKKING**

### **6.1.1. Agtergrond van die studie**

Hierdie studie het ten doel om die rekeningkundige verslagdoeningsprobleme wat deur klein en medium grootte entiteite ondervind word, te bestudeer ten einde voorstelle vir 'n Suid-Afrikaanse model te kan maak. Fokus word nie op tegniese detail geplaas nie, maar op die ondersoek van die struktuur, inhoud, asook voor- en nadele van verskillende alternatiewe wat beskikbaar is. Dit word op 'n logiese en sistematiese wyse soos hieronder verduidelik, uiteengesit.

Hoofstuk 2 ontleed verskeie internasionale modelle van voorgangers ten einde uit die foute van hierdie modelle te leer, maar veral om die positiewe punte te gebruik in die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse model. 'n Kombinasie van die *FRSSE* en die Kanadese *Differential Reporting* is in die kollig geplaas.

Hoofstuk 3 vorm die kern van die studie. Bepaalde Suid-Afrikaanse argumente vir en teen sekere voorstelle word ontleed, waarna die skrywer die kennis wat in hoofstuk 2 opgedoen is, kon gebruik om 'n moontlike werkbare oplossing vir Suid-Afrika voor te stel. Bepaalde kern-aangeleenthede, soos die gebruikers van finansiële state, is ontleed ten einde die struktuur en inhoud van 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite te bepaal. Die hoofstuk spreek ook ander aangeleenthede aan, soos die wysigings aan bestaande Suid-Afrikaanse wetgewing om hierdie tweede rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk moontlik te maak en 'n raamwerk te skep vir die afdwingbaarheid van rekeningkundige standpunte.

In hoofstuk 4 speel die skrywer duiwelsadvokaat om bepaalde struikelblokke uit te lig, maar spreek dit ook aan ten einde 'n onsuksesvolle poging in die implementering van rekeningkundige standaarde wat spesifiek op die behoeftes van kleiner entiteite gefokus is, te probeer voorkom. Die hoofstuk maak ook voorstelle vir die oplossing van probleme wat internasionale modelle ondervind (asook probleme wat voorsien word in die Suid-Afrikaanse konteks) wat



vroegtydig aangespreek moet word om te sorg dat kosbare hulpbronne nie vermors word nie.

Die studie sluit af met 'n bespreking rondom die implementeringsfase van hierdie moontlik toekomstige tweede rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk. Dit fokus egter nie op die detail van hierdie fase nie, maar word beperk tot die belangrikste aspekte daarvan, naamlik die koste van hierdie nuwe rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk en die moontlike effek wat dit op die rekenmeestersprofessie gaan hê.

### **6.1.2. Gevolgtrekking van die studie**

Die skrywer kom tot 'n aantal gevolgtrekkings rakende sekere aspekte van belang in 'n rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein en medium grootte entiteite. Gevolgtrekking aangaande internasionale modelle en 'n gevolgtrekking vir bepaalde aspekte rakende 'n Suid-Afrikaanse model is spesifiek van belang.

Internasionale modelle, veral die *FRSSE* staan onder hewige kritiek dat dit nie voldoen aan die behoeftes van klein entiteite nie. In die ontleding van hierdie kritiek word dit duidelik dat die grootste probleem nie die inhoud en struktuur van hierdie model is nie, maar in die bepaling van wat 'n kwalifiserende entiteit is. Alhoewel grootte 'n redelike kriteria blyk te wees vir die klein entiteite, voel die mikro-onderneming (wat ook as 'n klein entiteit gedefinieer word) dat daar nie genoegsame verandering aan die bestaande rekeningkundige standarde aangebring is om aan hulle behoeftes te voldoen nie. By die gebruik van die grootte van entiteite, raak dit dus nodig om al hoe meer kategorieë te skep om voorsiening te maak vir die behoeftes van verskillende tipe entiteite se finansiële gebruikers.

Die Kanadese model spreek hierdie probleem grootliks aan deur die klem van die kwalifiserende kriteria om finansiële state ooreenkomstig *Differential*



